MATIE-land



Pectora roborant cultus recti

JAARGANG I NOMMER 2 AUGUSTUS 1957

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH



DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

„Die oudste naam in die Suid-Afrikaanse Bankwese"

Maak U keuse:- VAN RIJN kurk in wynrooi, ongekurk in olyfgroen en filter in roomkleurige verpakking.

Welke ander sigaret u ookal mag rook, weet ons dat u meer genot uit Rembrandt VAN RIJN sal kry. Dit bied u dieselfde Room van die Oes as Rembrandt — net meer daarvan.
Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is.
Probeer gerus 'n pakkie van hierdie luukse lang Rembrandt-sigaret.

Rembrandt

VAN RIJN

IN DOSIES FILTER 1/9 V R 20 KURK EN ONGERURK 1/9 VIR 20, 3/11 VIR 50

Kopiere

VRFA 5X

KEURIGE DRUKWERK VIR KIESKEURIGE KLANTE

en dit teen uiters billike pryse!

Ons spesialiseer in die druk van

- Boeke (skoolboeke, ens.)
- Skooljaarblaaie
- Kerkalmanakke, ens.
- Brosjures
- Programme
- Kerskaartjies
- Troukaartjies
- Kantoorboeke (faktuur-, rekening- en kwitansieboeke, ook briefhoofde, ens.)

NASIONALE HANDELSDRUKKERY BPK.

„WAAR DIE VOLK SY DRUKWERK LAAT DOEN"

Jan van Riebeeckstraat, Elsiesrivier, Kaap Posbus 120 PAROW

Telefoon 98-6711 Verkoopafdeling: Waalstraat 35, Kaapstad


FEDERALE TRUST
BEPERK
Belê u fondse teen die
BESTE RENTEKOERSE
MET VEILIGHEID
by 'n
TRUSTINSTELLING
4% OP SPAARREKENINGS
(daaglikse balans)
Deposito's @ 3¾/4¾% vir kort termyne
„ 5% vir 1 jaar
„ 5¼% „ 2 „
„ 5½% „ 3 „
„ 6% „ 4 „
Spesiale geriewe en voordele ook vir Munisipaliteite, Pensioen- en ander Trustfondse, ens., en vir Besigheidsondernemings.
VRA OM GRATIS BROSJURE
Administratiewe kantore:
F.V.B.-Gebou, Leeuwenstraat 4, Kaapstad
Sanlam-gebou, Kommissarisstr., Johannesburg
Sanlam-gebou, Maitlandstr., Bloemfontein
(Geregistreerde Deposito-nemende Instelling)
EERSTE SUID-AFRIKAANSE
NYWERHEIDSBANK
VZ-1176a

Bank Suid-Afrikaans,
bank by VOLKSKAS
dis u eie Bank

VOLKSKAS

BEPERK

HOOFKANTOOR: PRETORIA

ARBEIDSAAMHEID

(Geregistreerde Handelsbank)



MENSE wat weet waarvan hulle praat
PRAAT van die wonderlike
verskeidenheid van mansklere

by

CARL BERGH

DIE MANSWINKEL VIR KWALITEIT EN SMAAK

Pleinstraat, Foon 477, STELLENBOSCH
en Hoofweg, Foon 1157, SOMERSET-WES

MATIELAND

Uitgegee vir Oudstudente
en Donateurs deur die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER TYDELIKE REDAKSIE VAN

DR. ERNST VAN HEERDEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE INLIGTINGSBURO VAN DIE UNIVERSITEIT

JAARGANG 1 · AUGUSTUS 1957 · NO. 2

INHOUD

REDAKSIONEEL

Ons Blad 7
Mnr. C. R. Kotzé 7
Mnr. P. J. Lombard 8
Aan Ons Lesers 8

UNIVERSITEITSNUUS

Eregrade in 1956 verleen 8
Besoek van Amerikaanse Handelsending 9
Kursusse in Biblioteekkunde 9
Boekegeskenk van Nederland 11
Kort Kursus in Huishoudkunde 11
Skildery van Genl. De la Rey aan U.S. geskenk 12
Heengaan van Prof. E. T. Stegmann 13
U.S. staan Outeursregte van „Die Stem' aan Regering af 14
Inwyding van die nuwe vleuel van Opvoedkunde-Gebou 15
Vakansiekursus in Koöperasieleer 17
Aanstellings en Bevorderings 17

ARTIKELS

Arena 57 — 'n Eksperimentele Teater 18
Die Ewige Mens Hamlet 19
Die Fakulteit van Opvoedkunde hou tred met die tyd 22
Oubaas Mark 23
Wanvoorstelling i.s. Studentegedrag 26
Geneeskundige Fakulteit kom op dreef 27
Die Universiteitskoor 30

BRIEWEBUS

Mnr. P. J. du Toit 31
Mnr. M. H. Pienaar 32
Publikasiekomitee, Studenteraad 33

NUUS VAN OUD-MATIEBOND-TAKKE 33

STIGTING VAN NUWE TAKKE VAN DIE OUD-MATIEBOND 34

VAN HEINDE EN VERRE 35

SKENKINGS 1956 37

REDAKSIONEEL

ONS BLAD

DIT was vir die Redaksie bemoedigend om van 'n groot aantal oud-Maties en ander persone gelukwense te ontvang by die verskyning van die eerste nommer van „Matieland". Lesers se reaksie het gewissel van 'n tikkie weemoed oor die heerlike verbygegane studentejare tot betuigings van lojaliteit en dankbaarheid teenoor die Alma Mater en uitings van vreugde oor die kontak met die verlede wat die blad versinnebeeld.

Veral ons lesers in die verafgeleë dele van die land het die nuus uit Stellenbosch „verslind" ('n woord wat herhaaldelik in hulle briewe voorkom). Selfs 'n vriend wat so ná aan ons woon as Bellville en seker tog nog af en toe kans het om die unieke Stellenbosse atmosfeer te kom indrink, skryf: „Maggies, die blad was vir my soos 'n bloedoortapping!"

Die meeste briewe getuig van ingenomenheid met die aard en gehalte van „Matieland" en kritiek van 'n paar enkelinge was meer gerig op leemtes met wenke vir moontlike aanvullings in die toekoms. Ons verwelkom u kritiese kommentaar en wil graag weet in watter opsigte die blad verbeter kan word. Skryf dus openhartig en wees verseker dat alle kritiek dankbaar ontvang en deeglik oorweeg sal word.

Lesers wat op die uitnodiging in ons eerste nommer aangaande die titel en vorm van die blad gereageer het, is feitlik sonder uitsondering tevrede met die huidige formaat en uitvoering van „Matieland". Ook die naam skyn algemene byval te vind. Gesteun deur die algemene goedkeuring, gaan ons dus voort met die blad in sy huidige vorm.

Die Redaksie is op sy beurt baie dankbaar om al hierdie onmiskenbare bewyse te kry dat die blad in 'n bepaalde behoefte voorsien. Die meeste oudstudente sien dit blykbaar nie alleen as 'n nuttige medium om op hoogte te bly van ontwikkelinge en uitbreidings aan die Universiteit nie. Hulle sien dit ook as skakel tussen universiteitsvriende onderling, as 'n middel om weer van mekaar „bewus te word". En daarby kan die blad ook dien as 'n nuttige inligtingsbron oor aktuele en wetenskaplike sake waarmee die Universiteit in sy wydste omvang te doen kry.

Dit alles stem tot genoegdoening en aansporing. Ons beleid sal wees om steeds die ontwikkeling van die Universiteit in woord en beeld te skets en om wetenswaardighede i.v.m. werk of navorsing aan die verskillende Fakulteite aan ons lesers bekend te stel. Maar 'n belangrike lid van die Universiteit as liggaam is ook sy oudstudentekorps — versprei oor die hele land en in die vreemde, in 'n groot verskeidenheid van betrekkings werksaam, met diverse ervarings en kontakte wat seker ook 'n wyer kring interesseer. Dit is ook op hulle wat ons 'n beroep doen om van hulle te laat hoor.

Mnr. C. R. Kotzé

MNR. C. R. KOTZÉ, M.A., het sy betrekking as Inligtingshoof van die Universiteit op 30 Junie 1957 neergelê en word nou hoof van die Transafrikaanse Korrespondensiekollege in Johannesburg.

Na mnr. Kotzé die M.A.-graad in Geskiedenis aan die destydse Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat behaal het, was hy vervolgens onderwyser in Windhoek en Kimberley. Vanaf Julie 1948 tot April 1952 het hy tydelik waargeneem in die Departement van Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, in die plek van prof. H. B. Thom wat toe met die redigeerwerk van die Dagverhaal van Van Riebeeck besig was. Daarna het mnr. Kotzé hoof van die Inligtingsburo van die Universiteit geword tot sy aftrede vanjaar. Hy is tans besig om sy proefskrif vir die D.Phil.-graad in Geskiedenis te voltooi.

Mnr. Kotzé se betrekking as Inligtingshoof het hom met 'n groot aantal oudstudente, vriende en weldoeners van die Universiteit in

aanraking gebring. Sy innemende optrede en vermoë om met mense om te gaan, het hom by almal gewild gemaak. Sy hoflikheid en takt het baie vriende vir die Universiteit gewen. Hy was persoonlik daarvoor verantwoordelik dat groot skenkings vir die Geneeskundige Fakulteit gedoen is en sy toewyding en ywer was ook tot groot voordeel van die Algemene Uitbreidingsfonds van die Universiteit.

Ons bedank hom vir alles wat hy ten behoewe van die Universiteit gedoen het. Ons wil hom verseker van die Universiteit se waardering vir sy vrugbare werk en ons wens hom die grootste moontlike sukses in sy nuwe betrekking toe.

Mnr. P. J. Lombard

MNR. P. J. LOMBARD, M.A., is met ingang 1 Julie 1957 benoem as inligtingsbeampte by die Inligtingsburo van die Universiteit.

Gedurende sy studenteloopbaan het mnr. Lombard 'n leidende rol in die studentegemeenskap gespeel. Hy was lid van die Studenteraad in 1953, voorsitter van die Joolkomitee in 1953 en ook gedurende 1952 lid van die redaksie en redakteur van „Die Stellenbosse Student". Vanaf 1954 tot Junie 1956 het hy as tydelike lektor in die Departement van Geskiedenis waargeneem. Daarna was hy vir 'n jaar senior klerk in die Administrasiepersoneel van die Universiteit.

Mnr. Lombard was van 1953 tot Junie 1955 primarius van John Murray-huis (Dagbreek) en het 'n groot aandeel gehad in die gladde verloop van die stelsel om doeltreffender leiding aan eerstejaarstudente te gee.

Ons wil hom namens die lesers van „Matieland" gelukwens met sy toetrede tot die Inligtingsburo-personeel van die Universiteit. Sy kennis van die studentelewe, sy belangstelling in alle bedrywighede wat die naam en roem van ons Alma Mater bevorder, sy geesdrif en takt sal hom in sy nuwe betrekking goed te stade kom. Ons wens hom alle sterkte toe.

Aan Ons Lesers

ONS wil alle oudstudente wat aan ons geskryf het, vir hulle briewe bedank en hulle verseker dat hulle belangstelling op prys gestel word. Dit sal ons administrasie by die Inligtingsburo aansienlik vergemaklik as lesers briewe oor vergaderings van oud-Matiebondtakke en alle sake wat met die organisasie van sulke takke verband hou, wil rig aan: Die Inligtingsbeampte, Inligtingsburo, Universiteit, Stellenbosch.

Alle artikels en foto's vir plasing in „Matieland", enige sosiale nuus wat in die rubriek „Van Heinde en Verre" tuishoort, menings oor die oudstudente-kleurbaadjie, en alle mededelings oor sake wat direk met die blad in verband staan, moet asb. gerig word aan: Die Redakteur, „Matieland", Universiteit, Stellenbosch. Baie dankie by voorbaat!

UNIVERSITEITSNUUS

Eregrade in 1956 Toegeken

Vyf vooraanstaande persone in verskillende vertakkinge van die akademiese en die sakelewe het by die gradeplegtigheid op 7 Desember 1956 eredoktorsgrade van die Universiteit ontvang.

Aan dr. G. G. Cillié, snr., is die eregraad D.Ed. toegeken, as erkenning van die uitnemende dienste wat hy vir soveel jare aan die saak van die onderwys bewys het. Dr. G. B. A. Gerdener het die eregraad D.D. ontvang en is gehuldig vir sy groot werk as kerkleier en vir die voortreflike bydraes wat hy in verband met die kerkgeskiedenis en die sending gelewer het.

Aan die bekende sakeman, mnr. C. R. Louw, is die eregraad D.Comm. verleen. Hy het 'n groot rol gespeel in die totstandkoming en sukses van die reeks maatskappye wat bekend is as die belangrikste Afrikaanse finansieringsgroep en ook op ander gebiede het sy onbaatsugtige arbeid en deursettingsvermoë die ontwikkeling van 'n gesonde volkslewe bevorder.

Mnr. J. H. Moolman, Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Wolraad, het die eregraad D.Sc. in Landbou ontvang. Hy is gehuldig vir sy groot dienste ten behoewe van die georganiseerde landbou, die wolbedryf in die besonder en die Suid-Afrikaanse boeregemeenskap in die algemeen. Aan dr. K. H. Barnard, die afgetrede Direkteur van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad, is die eregraad D.Sc toegeken as erkenning van sy belangrike werk op die gebied van die biologiese wetenskappe.

Die Universiteit van Stellenbosch beskou die verlening van hierdie eregrade as 'n gepaste eerbewys vir die voortreflike werk wat die genoemde persone in die diens van volk en gemeenskap gelewer het.

Besoek van Amerikaanse Handelsending

DIE Stellenbosse Universiteit het 'n groot kompliment gekry van mnr. Schnellbacher, die voorsitter van die Amerikaanse handelsending wat op besoek in Suid-Afrika was om ondersoek in te stel na handelsmoontlikhede en -opleiding hier. Mnr. Schnellbacher het gesê dat Stellenbosch vergelyk kan word met die Universiteit van Princeton — een van die mees vooraanstaande van die V.S.A.

Twee lede van die handelsending, mnre. Schnellbacher en Essig, het onlangs besoek gebring aan die Eikestad, hoofsaaklik om kennis te maak met 'n tipies-Suid-Afrikaanse Universiteit. Hulle was vergesel van dr. A. S. Adams, voorsitter van die American Board of Education en sy eggenote en mev. G. H. Minnigerode, eggenote van die Amerikaanse Konsul-Generaal, asook die bekende mnr. W. Fehr, sakeman en Africanaliefhebber van Kaapstad.

Die besoekers is by die Universiteit ontvang deur die Rektor en proff. Truter, Sim, Sadie, Wicht, Heydorn, La Grange en mev. La Grange.

Daar is eers besoek gebring aan die Ingenieursgebou, laboratoria en werkswinkels, en vandaar is hulle na die nuwe gebou vir Anatomie en Fisiologie, die D. F. Malan-gebou, wat die Amerikaners werklik beïndruk het. Hulle het ook groot belangstelling in die Mediese Fakulteit aan die dag gelê.

Prof. Thom was verras oor die vergelyking wat tussen Stellenbosch en Princeton getref is, want die ooreenkoms het hom ook opgeval toe hy in Amerika was. Die dorp is omtrent net so groot as Stellenbosch en die studentetal dieselfde.

Die besoekers het heelwat navrae gedoen omtrent die kursusse wat U.S. aanbied, die klasgelde, waar die studente vandaan kom, ens.

Daar word gedink aan die moontlikheid om jong Amerikaners in die Suid-Afrikaanse handelswêreld te vestig, en hulle ook hier te laat oplei.

Mnre. Schnellbacher en Essig het verklaar dat hulle veral baie verras was om te sien watter aandeel die Afrikaner aan die sakelewe het.

„Ons het dit nie verwag nie", het hulle gesê.

Hulle vind Suid-Afrika 'n pragtige land met groot moontlikhede vir toeriste. Dit is veral plekke soos Stellenbosch met 'n universiteit en 'n interessante verlede wat die Amerikaners sal lok.

Na sy vertrek terug na die Verenigde State het mnr. Schnellbacher in 'n brief aan die Rektor o.a. die volgende geskryf: „Our visit was most informative and I am pleased that your expansion programme is enabling you to meet the requirements of the youth of South Africa in a better way. I was particularly interested in your modern anatomy laboratory having just visited my son's medical school within the last year, and I have written him about how much better yours is."

Kursusse in Biblioteekkunde

1. VANAF die begin van die akademiese jaar 1958 word daar aan die Universiteit voorsiening gemaak vir die onderstaande kursusse in Biblioteekkunde.

(i) *'n Tweejarige Laer Diploma* in Biblioteekkunde ná behaling van die Matrikulasie- of 'n Senior Sertifikaat; en

(ii) *'n Eenjarige Hoër Diploma* in Biblioteekkunde ná behaling van 'n baccalaureusgraad.

2. In die geval van die Laer sowel as die Hoër Diploma sal 'n provisionele diploma aan die student uitgereik word ná voltooiing van die betrokke kursus aan die Universiteit, met dien verstande dat hy aansoek kan doen om die uit-

reiking van die *finale* diploma nadat hy vir ten minste twee jaar, ná behaling van die provisionele diploma, in 'n goedgekeurde biblioteek werksaam was.

3. Die toelatingsvereistes en kursusse vir die Laer en Hoër Diploma in Biblioteekkunde is soos volg:

(i) *Laer Diploma*

(a) Vir toelating tot die tweejarige kursus vir die Laer Diploma in Biblioteekkunde moet 'n student in besit wees van die Matrikulasie-sertifikaat of 'n Senior Sertifikaat van een van die Departemente van Onderwys of van kwalifikasies wat deur die Senaat as daarmee gelykstaande erken word.

(b) Diie kursus omvat die volgende:

Eerste Jaar

Vyf vakke soos voorgeskryf vir die B.A.-graad, waarvan twee Afrikaans-Nederlands I en Engels I (of Engels Spes.) moet wees.

Tweede Jaar

	Lesure p.w.
(1) Algemene beginsels van biblioteekkunde	1
(2) Biblioteekadministrasie	2
(3) Katalogisering en klassifikasie	4
(4) Naslaanwerk en biblioteekmateriaal	3
(5) Geskiedenis van die boek en van biblioteke in Suid-Afrika	2
	12

(6) Praktiese werk 6 uur p.w.

(7) *Praktiese vakansiewerk*:

Dit word vereis dat studente gedurende die Universiteitsvakansies vir ten minste vier weke praktiese werk in 'n goedgekeurde biblioteek sal doen.

(ii) *Hoër Diploma*

(a) Vir toelating tot die eenjarige kursus vir die Hoër Diploma in Biblioteekkunde moet 'n student in besit wees van enige baccalaureusgraad. Dit word egter aanbeveel dat studente, met die oog op toelating tot hierdie kursus, 'n B.A.-kursus volg wat ten minste Afrikaans-Nederlands, Engels en 'n vreemde taal op eenjarige basis sal insluit. (Die eenjarige kursus in Engels kan wees Engels I of Engels Spesiaal.)

(b) Die kursus omvat die volgende:

	Lesure p.w.
(1) Algemene beginsels van biblioteekkunde	1
(2) Biblioteekadministrasie (finansies, standaarde, kosteberekening, biblioteekwetgewing, argitektuur, waardebepaling, uitleenstelsels)	3
(3) Katalogisering en klassifikasie (teoretiese agtergrond, logika, verskeie stelsels, kodes, ens.)	3
(4) Naslaanwerk, biblioteekmateriaal en navorsingsmetodes	3
(5) Bibliografie, geskiedenis van biblioteke, boeke en drukkuns (insluitende internasionale biblioteekkunde)	2
(5) Leserkunde, kommunikasie, gemeenskapstudie (sielkundige reaksies, sosio-ekonomiese o p n a mes, biblioteek en samelewing, onderwys vir volwassenes, ens.)	1
(7) Organisasie en proble-	

me van spesiale tipes van biblioteke (bv. spesiale biblioteke, universitêre biblioteke, skoolbiblioteke, e.a.) 1

—

14

—

(8) Praktiese werk .... 3 uur p.w.

(9) *Praktiese vakansiewerk:* Dit word vereis dat studente gedurende die Universiteitsvakansie vir ten minste vier weke praktiese werk in 'n goedgekeurde biblioteek sal doen.

(c) 'n Kennis van albei die offisiële landstale is 'n vereiste vir die verwerwing van die Hoër Diploma in Biblioteekkunde. Afrikaanssprekende studente moet Engels I (of Engels Spes.), en Engelssprekende studente Afr.-Ndl. I (of Afrikaans (H.P.O.D. I)) aanbied.

In gevalle waar hierdie vakke aangevul moet word, kan vrystelling verleen word van die vakke onder (b) (6) of (b) (7) hierbo genoem.

Boekegeskenk van Nederland

AAN die begin van Mei is 'n gesellige byeenkoms in die Carnegie-biblioteek gehou toe die Nederlandse Ambassadeur, mnr. Jan van den Berg, namens sy Regering 'n aantal Nederlandse boeke aan die Universiteit geskenk het.

Mnr. Van den Berg het 'n brief voorgelees wat deur die Nederlandse Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan die Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch gerig is en waarin verklaar word dat die versameling boeke aangebied word „als een getuigenis van de vriendschappelijke gevoelens van het Nederlandse volk jegens het Zuid-Afrikaanse, zomede als een passend hulpmiddel bij de ontwikkeling van de culturele betrekkingen tussen onze beide landen."

Mnr. Van den Berg het die gehoor in vlot Afrikaans toegespreek en gesê dat boekeskenke een van die beste middels is om die vriendskap tussen volkere te bevorder. Nederland se eie skeppende aktiwiteit, sy kennis en kultuur vind 'n neerslag in sy boekerykdom en dit is 'n genoeë om van dié dinge aan die jong familieloot, Suid-Afrika, oor te dra. In al hulle swygsaamheid is boeke sprekende getuies van wat op die gebied van wetenskap, lettere en kuns gedink, gedoen en bygedra is.

Onder die kultuurverdrag tussen beide lande word daar in die jongste tyd baie gedoen deur Nederland en Suid-Afrika om 'n grondiger onderlinge kennis van mekaar se boeke te versprei. Daar was bv. onlangs 'n uitstalling van Afrikaanse boeke in Amsterdam.

Die boeke is in ontvangs geneem deur die Rektor, prof. H. B. Thom, wat mnr. Van den Berg bedank het en hom bestempel het as 'n vriend van Stellenbosch en van die Suid-Afrikaanse land en volk. Hy het gewys op die rol wat die Nederlandse boek gespeel het, nie net op letterkundige gebied nie, maar ook op tegniese en vakgebiede soos die geskiedenis, waar Stellenbosch oor 'n baie waardevolle versameling Nederlandse boeke beskik. Prof. Thom het daarop gewys dat Stellenbosch die enigste Universiteit in die land is met vier professore in Nederlands-Afrikaans en dat twee van hierdie leerstoele in Nederlandse taal en letterkunde is.

Dr. Thom het gesê dat die Afrikanervolk weet waarvandaan hy kom en dat hy die stamverwantskap met die stamlande nie vergeet nie, want dit wys hom heen na die rigting wat hy moet volg: die geestelike en kulturele tuiste wat hy vir homself moet opbou.

Prof. Meyer de Villiers, wat namens die Genootskap Nederland-Suid-Afrika vir 'n uitstalling van Nederlandse boeke in die Carnegiesaal gesorg het, het gesê dat ons telkens hoor dat die Afrikanervolk by die een of ander geleentheid sy „mondigwording" vier.

Een van die simptome van die mondigwording is die veranderde houding teenoor Nederland. Dit kan nie ontken word dat daar 'n mate van antipatie was nie — soos dié van 'n kind wat wil loskom van die ouerhuis. Daarby het ons Nederlands uit die Statebybel as 'n stywe, stigtelike taal geken en hierdie onnatuurlike assosiasie het meegebring dat die frisse, moderne Nederlandse boek by ons oor die hoof gesien is.

In ons huidige mondige staat sien ons ons

eie tekorte in en besef ons ons groot behoefte aan die rykdom, omvang en hoë peil van die Nederlandse boek. Daardie skat moet ons ten volle benut en die waarde daarvan word onderstreep deur skenkings soos dié wat die Nederlandse Regering nou gedoen het.

Kort Kursus in Huishoudkunde

IN die Huishoudkunde-gebou van die Universiteit was dit gedurende die wintervakansie van 1957 weer die ene bedrywigheid. Die sewe-en-twintigste jaarlikse kort kursus in huishoudkunde is onder leiding van dr. Mattie Jooste en mejj. G. J. Louw gehou en het meer deelnemers as ooit na Stellenbosch gelok. Lank sal die leersame demonstrasies, die gesellige tee-uurtjies en die grappies agter die skerms (of in die banke) in die herinnering van die 270 kursusgangers bly. Die heerlike weer en die waardering van die gehoor het die dosente ook aangemoedig om hulle beste te lewer. 'n Grappie het dan ook nooit verlore gegaan nie. So het dit gebeur dat die groepie Amerikaanse besoekers juis moes binnekom toe daar 'n spontane en opgewekte gelag vanuit die lesingskamer hoorbaar was. Mev. Wynnie Schumann kon nie help om verskonend teenoor die gaste te sê nie: „Listen to that! They are supposed to be in a lecture class!" „A compliment for the lecturer", was die gevatte opmerking van die een „Homemaker" wat in die geselskap was.

Volgens die kursusgangers sal die kort kursus aanstaande jaar in 'n groter saal gehou moet word; want niemand sien kans om dit voortaan mis te loop nie. Mev. René Morkel het met reg opgemerk: „Die kursus lok die mense weg van die Kruger-Wildtuin! Dit het die Winteraantreklikheid van Wes-Kaapland geword".

Iets nuuts is daar elke jaar, en vanjaar was dit mej. Sara Dippenaar, die Hoof van die Departement van Naaldwerk, wat die nuwe Bishop-metode om 'n tabberd te maak gedemonstreer het. Mej. Dippenaar het die B.Sc. in Huishoudkunde in 1949 op Stellenbosch verwerf en was gedurende 1956 student aan die Oregon-Staatsuniversiteit, V.S.A. waar sy die M.Sc.-graad in Kleding behaal het.

Alhoewel die klem vanjaar op die kookkuns geval het, en die ou Suid-Afrikaanse geregte op die voorgrond was, is die kunssin in die woning nie verwaarloos nie: donskomberse, linodruk en blomrangskikkings het 'n plek in die kursus gekry. Prof. Erika Theron het die dames in 'n spesiale praatjie daaraan herinner dat ons 'n demokratiese gesinslewe in die plek van die ou patriargale een gestel het. Dit bring mee dat die jong mense verstandelik meer wakker is, geestelik meer volwasse en verder meer bewus van sosiale en wêreldprobleme. Ten slotte het sy elkeen aangemoedig om nou al te sorg vir 'n eie belangstelling wanneer die kinders uit die huis is. Anders mag die jeugdige ouma gefrustreerd voel. „Maar ek praat nou met die verkeerde mense", het sy skalks bygevoeg: „Die feit dat u hier is, is bewys daarvan dat u genoeg belangstellings het om nie skielik te ontwaak tot 'n leë bestaan nie."

Wat sal aanstaande jaar in die kursus ingesluit word? 'n Menigte praktiese wenke en versoeke het van die kursusgangers gekom. Hulle sal deeglik oorweeg word en in soverre die versoeke nie buite die bestek van plaaslike talente val nie, sal elke bywoner aanstaande jaar iets van haar eie voorstelle in die inhoud van die kursus herken.

Die Departement van Huishoudkunde, dosente en studente, en die vriendelike twee huishoudkundiges, mejj. Annette de Villiers en Frances la Grange, verdien alle eer vir die manier waarop hulle weer die 27ste kort kursus wat op Stellenbosch gehou is, aangepak het, sodat persone wat al tien keer die kursus bygewoon het, weer nuwe dinge, so onder die brei van sokkies, kon geleer het. Maar dank is veral verskuldig aan die V.L.V.-lede van Stellenbosch en omliggende dorpe wat in groot getalle die kursus bygewoon het en daardeur hulle vertroue in die Huishoudkunde-departement getoon het. Dit is voorwaar bemoedigend vir almal wat saamgespan het.

Skildery van Genl. de la Rey aan U.S. Geskenk

MNR. P. A. M. VAN DER SPUY, B.Sc. Landbou, 1928, Hoof van die Hoërskool, Bergvliet, Kaap, was so vriendelik om 'n sierlike en waardevolle olieverf-skildery van wyle Genl. De la Rey aan die Universiteit te skenk. Die skilder is prof. Roworth, vroeër dekaan van die Fakulteit van Skone Kunste aan die Universiteit van Kaapstad. Prof. Roworth was destyds belas met die uitvoering van die groot

portret van die historiese Nasionale Konvensie in 1909 wat tans in die Volksraad hang. Hy het elke figuur op daardie portret eers afsonderlik geskilder en toe almal saamgestel om 'n eenheid te vorm.

Die skildery het nie alleen 'n geskiedkundige waarde nie, maar ook 'n estetiese, en word be-



Skildery van genl. De la Rey, deur mnr. P. A. M. van der Spuy aan die Universiteit geskenk.

skou as 'n besonder mooi voorbeeld van Roworth se portretkuns. Die Universiteit het mnr. Van der Spuy se geskenk met groot dank en waardering aanvaar en hoop om 'n geskikte, waardige plek daarvoor in een van die Universiteitsgeboue te vind.

Die bygaande foto van die skildery sal lesers van „Matieland" 'n indruk daarvan gee.

Heengaan van Prof. E. T. Stegmann

PROF. DR E. T. STEGMANN (algemeen bekend as dr. Ebbie), sedert 1920 hoogleraar in die wiskunde aan die Universiteit, is op 22 Julie skielik oorlede. Prof. Stegmann sou aan die einde van Junie volgende jaar sy professoraat neergelê het en sy onverwagse heengaan is vir kollegas, studente, oudstudente en vriende 'n groot skok.

Professor Stegmann se heengaan is 'n ernstige verlies vir die Universiteit van Stellenbosch, het die Rektor, prof. dr. H. B. Thom, gesê. Sowel binne as buite die klaskamer het hy 'n besonder goeie invloed op die studente gehad. Hy was ook iemand wat onder sy kollegas hooggeag was, en hy was by almal gelief.

Prof. Thom het gesê dat prof. Stegmann een van die vernaamste grondleggers was van die Universiteit van Stellenbosch soos hy vandag geken word. Hy was 'n man op wie se werk met gerustheid voortgebou kan word.

Ebenezer Theodorus Stegmann is op 16 Augustus 1889 in die distrik Somerset-Oos gebore. Hy het in 1908 op Malmesbury in die Matriekeksamen geslaag. Van 1909 tot 1911 het hy aan die ou Victoria-Kollege gestudeer waar hy die graad B.A. gekry het. Daarna is hy vir verdere studie na Duitsland, maar in die begin van die Eerste Wêreldoorlog het hy na Suid-Afrika teruggekeer.

Hy het die graad D.Sc. aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal en is op 1 Januarie 1916 as lektor in die wiskunde aan die Victoria-Kollege aangestel. In Julie 1920 het hy hoogleraar in die wiskunde aan die Universiteit van Stellenbosch geword.

Prof. Stegmann was jare lid van die Universiteitsraad. Hy was die Universiteit se verteenwoordiger in die Matrikulasieraad, en het die Matrikulasieraad in die Eksamenraad van die Vrystaat verteenwoordig. Hy was ook lid van die Wetenskaplike en Industriële Navorsingsraad.

Prof. Stegmann was 'n bedrewe atleet en rugbyspeler. Sy broers Jan en Anton het albei Springbokke geword. Hy sou hoogs waarskynlik ook Springbok geword het as hy nie voor die toer van 1912 seergekry het nie.

Selfs nadat hy nie meer aktief deelgeneem het nie, het prof. Stegmann sy belangstelling

vir sport behou. Hy was lank voorsitter van die Stellenbosse rugbyklub en van die Universiteit se atletiekklub. Hy was tot sy dood voorsitter van die sportkomitee van die Universiteitsraad. By die jongste jaarvergadering van die Rugbyklub is hy en dr. Craven as eerste lewenslange erelede van die klub gekies.

Prof. Stegmann is in 1919 getroud. Sy oudste dogter, Hester, is getroud met prof. dr. C. B. van Wyk van Bloemfontein, en die jongste dogter, Elsa, met ds. J. A. van Zyl, ook van Bloemfontein.

U.S. Staan Outeursregte van „Die Stem" aan Regering af

MEJ. SARAH GOLDBLATT, administratrise van Langenhoven se letterkundige nalatenskap, was onlangs aanwesig by 'n gebeurtenis van geskiedkundige belang: die ondertekening deur die Rektor, prof. H. B. Thom, van die dokument waarkragtens die letterkundige erfgename van wyle senator Langenhoven die

Prof. Thom onderteken die dokument waardeur U.S. as een van Langenhoven se letterkundige erfgename sy regte op „Die Stem van Suid-Afrika" aan die Regering sedeer. Langs hom sit mej. Sarah Goldblatt terwyl prof. S. J. Pretorius (Registrateur) en ds. J. S. Gericke (Vise-Kanselier) as getuies toekyk.

outeursreg, die reg op uitvoering en alle ander regte ten opsigte van die gedig, „Die Stem van Suid-Afrika", aan die Unieregering sedeer.

Die erfgename van Langenhoven se letterkundige nalatenskap is sy dogter, mev. Engela Brummer en haar seun, mnr. Guillaume Cornelis Langenhoven Brummer terwyl die Stellenbosse Universiteit die eventuele erfgenaam sal wees in geval eersgenoemde erfgename sonder nageslag sou sterf.

Na die offisiële aanname van „Die Stem" as volkslied van Suid-Afrika het mej. Goldblatt as eksekutrise die Regering die outeurs- en ander regte aangebied.

Die geskiedkundige dokument is onderteken deur mej. Goldblatt, mev. Brummer en mnr. G. C. L. Brummer en prof. Thom namens U.S. As getuies het geteken Minister C. R. Swart en Minister T. E. Dönges, terwyl die Vise-Kanselier, ds. J. S. Gericke en die Registrateur, prof. S. J. Pretorius, as getuies namens die Universiteit geteken het.

In die laaste instansie is die dokument onderteken deur die Eerste Minister, mnr. J. G. Strydom, wat namens die Regering die sessie van die outeursreg van „Die Stem" en die toonsetting daarvan deur ds. M. L. de Villiers met dank ontvang het.

Mej. Goldblatt vertel die volgende: „Die Stem" is in 1918 'n raps voor Uniedag in Arbeidsgenot geskryf en die tafel waar Langenhoven dit gesit en skryf het, staan vandag nog in die huis.

Of Langenhoven dit as Volkslied bedoel het?

Hy het maar net 'n gedig geskryf. Maar dit het onmiddellik weerklank gevind in die harte van die Afrikaners.

Kort nadat die gedig voltooi is, het Langenhoven Kaap toe gekom en dis toe in „Die Burger" gepubliseer. Net 'n dag of wat later is daar al deur 'n leser voorspel dat „Die Stem" nog die Volkslied van Suid-Afrika sal word toe 'n brief geplaas is waarin hy met bewoënheid gewys het op die skoonheid van die gedig. Die briefskrywer het nie eers geweet dat Langenhoven die digter was nie, en aanbeveel dat daar nog 'n strofe met 'n godsdienstige karakter bygevoeg word om by die vrome volksaard van die Afrikaner aan te pas — 'n wenk wat Langenhoven dadelik gevolg het.

Vir mej. Goldblatt was die formaliteit hier op Stellenbosch nogal van besondere betekenis omdat dit die verhouding tussen Langenhoven en die Universiteit simboliseer. Sy het met nadruk gepraat van sy groot liefde vir Stellenbosch en die mooi verhouding wat daar steeds bestaan het. Die studente het somaar dadelik na 'n gepaste melodie vir „Die Stem" begin soek, en dié van 'n pragtige ou Duitse Rynlied gekies. Jarelank het hulle die lied met Langenhoven se toestemming hier aan die Universiteit gesing op daardie melodie. Verskeie ander melodieë is ook in aanmerking geneem voor dié van ds. De Villiers aanvaar is.

Ten slotte sê mej. Goldblatt: „Dit het 40 jaar geneem voor ‚Die Stem' offisieel as Volkslied erken is, maar die volk self het dit feitlik uit die staanspoor so aanvaar. En dit is die mooiheid daarvan — dat die Regering nou maar net bevestig het wat die volk lank reeds spontaan aangeneem het. Maar Langenhoven het ook geweet hoe om met sy mense te praat. Hy is in elke huis geken."

Inwyding van die Nuwe Vleuel van Opvoedkunde-Gebou

DAAR is vanjaar £21,000 bestee aan die uitbreiding en vernuwing van die Stellenbosse Opvoedkunde-Fakulteit en volgens die Dekaan, prof. C. F. Gunter, vergelyk dit nou, wat fasiliteite en toerusting betref, uitstekend met die beste in die land. Op 'n funksie in Junie ter viering van hierdie mylpaal het die Rektor, prof. H. B. Thom, ook gesê dat daar in die jongste tyd 'n toename in die aantal studente aan hierdie fakulteit te bespeur is.

Die belangrikste toevoeging tot die gebou is 'n kinderleidingkliniek wat bestaan uit twee groot lokale — een vir onderhoude en een vir behandeling, terwyl daar tussen hierdie twee vertrekke 'n waarnemingskamer is, afgesluit met spieëls, sodat studente die sielkundige behandeling van die kinders kan waarneem sonder dat hulle self gesien word. Die vierde vertrek waaruit die kliniek bestaan, is 'n ontvangskamer.

'n Verdere toevoeging tot die Opvoedkundegebou is 'n groot, moderne lokaal vir kunsonderwys, asook een vir die onderwys van sosiale studie. Verder is daar ses nuwe kantore vir personeellede aangebou.

Die gebou is van binne en buite skoongemaak en opgeknap sodat 'n mens, soos die Rektor gesê het, nou eers weer besef dat die Opvoed-



Die nuwe vleuel van die Opvoedkunde-gebou

kunde-gebou met sy skone eenvoud van lyn en duursame boumateriaal (byvoorbeeld kiaathout deurgaans) een van die mooiste en deeglikste in Stellenbosch is. Veral die G. G. Cilliésaal het 'n hele gedaanteverwisseling ondergaan en sien daar nou pragtig uit met sy aantreklike kleurskema, nuwe gordyne en beligting, en die verhoog wat na die regte kant van die saal verskuif is.

Die openingsfunksie is bygewoon deur dosente en hul eggenotes en studente van die fakulteit, asook die Rektor, prof. H. B. Thom, die vise-kanselier, ds. J. S. Gericke en die S.G.O., dr. J. G. Meiring, met hul eggenotes. Verder was ook teenwoordig dr. N. du Preez, psigoloog van die Departement van Onderwys en inspekteur Nico Uys.

Nadat die Dekaan, prof. Gunter, die aanwesiges verwelkom het, het prof. Thom 'n besielende toespraak gelewer waarin hy die hoop uitgespreek het dat die vernuwing en skoonheid van die gebou simbolies is van die geestesgesteldheid van die dosente en studente. Hy is dankbaar dat die Stellenbosse Universiteit soveel jongmense kon lewer vir die belangrike taak van die onderwys. Wat in die onderwys van die meeste belang is, is die bou van stewige karakters.

Dr. Meiring het vervolgens aan die woord gekom en veral gewys op die belangrikheid van die kliniek. Hy het die Universiteit gelukgewens met die totstandkoming van hierdie belangrike afdeling. Hier moet veral die aandeel van prof. J. J. Strasheim en mnr. Koos Smit genoem word. Dr. Meiring het verder die interessante feit genoem dat goed twee derdes van die hoërskool-onderwysers van Kaapland in hierdie Fakulteit opgelei is. Hy het die studente ook vertel wat die Departement van Onderwys doen in verband met sielkundige dienste.

Dr. Gunter het daarna kort en saaklik uitgewei oor die omvang en betekenis van die uitbreiding van die gebou en sy dank betuig teenoor die Rektor en Vise-Kanselier vir die rol wat hulle gespeel het om dit moontlik te maak. Hy het die S.G.O. ook bedank vir die subsidie van £750 per jaar vir die kliniek wat deur die Departement beskikbaar gestel word. Ook het hy die waardering van die Fakulteit betuig teenoor die Universiteits-vroueverenigingvir die skenking van £500 om die gebou van binne te verfraai en nog doelmatiger te maak.

Vakansiekursus in Koöperasieleer

DIE Fakulteit van Handel kondig aan dat die Vyfde Kursus in koöperasieleer vanaf 30 September tot 4 Oktober op Stellenbosch gehou sal word. Hierdie kursusse is gewoonlik baie gewild en het al internasionale belangstelling gewek, soos navrae uit die V.S.A., Engeland en selfs Indië bewys.

Die kursus is van besondere belang aangesien mnr. Jimmy Adams, die alombeminde Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, eersdaags aftree en vir oulaas teenwoordig sal wees. Koöperateurs sal dus die geleentheid kry om mnr. Adams te huldig vir die onskatbare dienste wat hy oor 'n lang tydperk aan die saak van koöperasie bewys het. Lesings oor alle aspekte van die Koöperatiewe beweging sal gelewer word. Die volledige program van verrigtinge sal later beskikbaar gestel word.

Hotelakkommodasie is vir die doeleindes van die kursus bespreek. Verder word 'n Universiteitskoshuis ook beskikbaar gestel. Kursusgangers moet by inskrywing uitdruklik sê waar hulle wil tuisgaan. Losiesgeld in die Universiteitskoshuis sal ongeveer £5 0s. 0d. vir die duur van die kursus wees. Die koste van die kursus is £6 6s. 0d. per persoon.

Inskrywings wat die name van die kursusgangers meld, moet ons nie later as 31 Augustus bereik nie. In besondere gevalle sal laat inskrywings aanvaar word. Voorsiening sal ook gemaak word vir die gesellige verkeer van die kursusgangers. Ons adres vir alle korrespondensie i.v.m. die kursus is:

Afdeling Koöperasie,
Posbus 270,
Stellenbosch.

Aanstellings en Bevorderings

A. DIE volgende aanstellings in die doserende personeel van die Universiteit is vanaf 1 Januarie 1957 gedoen:

Dr. V. Cuenod — Lektrise in Frans, 1/1/57.
Dr. J. A. de Bruyn — Senior lektor in Botanie, 1/1/57.
Mnr. D. G. Gillham — Lektor in Engels, 1/1/57.
Dr. A. M. Hugo — Lektor in Klassieke Tale, 1/6/57.

Mnr. D. D. Joubert — Lektor in Sosiologie en Maatskaplike Werk, 1/1/58.
Dr. G. Ritter — Lektor in Fisika, 1/1/57.
Mej. M. Schoeman — Lektrise in Liggaamlike Opvoeding, 1/1/57.
Mnr. C. Swanepoel — Lektor in Musiek, 1/1/57.
Dr. M. J. Toerien — Senior lektor in Anatomie, 1/1/57.
Dr. E. van der Spuy — Senior lektor in Fisika, 1/1/57.
Dr. C. Verburgh — Hoofnavorsingsbeampte in Buro vir Ekonomiese Ondersoek, 1/1/57.

B. Die volgende bevorderings in die doserende personeel is gedurende 1957 gedoen:

Dr. S. R. F. Göldner — Van senior lektor na professor in Wiskunde.
Dr. M. van den Berg — Van lektor na Senior lektor in Statistiese Wiskunde.

ARTIKELS

Arena '57 — 'n Eksperimentele Teater

DIE grootste toneelgebeurtenis van baie jare op Stellenbosch en trouens 'n epogmakende hoogtepunt vir die hele Suid-Afrikaanse toneel was Robert Mohr se aanbieding gedurende die eerste paar weke van Junie van Shakespeare se bekende tragedie „Hamlet". Mnr. Mohr, wat hoof is van die Engelse afdeling in die Departement vir Spraak, Voordrag en Toneel, het verlede jaar met 'n „Bernard van Leer-Fellowship" en 'n Fulbright-toekenning na die Verenigde State gereis en daar 'n intensiewe studie van die moderne teaterwese gemaak. Hy het al verskeie prikkelende lesings oor sy indrukke gehou en die praktiese toepassing van sy idees kom nou in hierdie opvoering tot uiting.

Die ou Hollandse Saal wat aan baie geslagte van studente bekend is as die plek waar hulle vir die eerste keer die gevleuelde taal van wyle prof. E. C. Pienaar en die „humor" en kwinkslae van prof. Fransie Malherbe aangehoor het, het vir die geleentheid van mnr. Mohr se opvoering 'n algehele metamorfose ondergaan. Die stygende sitplekvlakke na agter het die toneelverhoog geword met verrassende in- en uitgangsplekke na links en regs. Die plat vloerruimte het 100 toeskouers gehuisves en noue fisiese kontak tussen publiek en spelers het 'n intimiteit van atmosfeer meegebring wat so dikwels in die konvensionele teater ontbreek.

As motto vir sy opvoering het mnr. Mohr juis die woorde van Bertolt Brecht gekies: „Es gilt, zwei Künste zu entwickeln: Die Schauspielkunst und die Zuschaukunst."

Met ander woorde, die lewende teater behels eintlik twee kunste — die kuns van toneelspeel en die kuns van toekyk. Dit dui op die noodsaaklike mede-werksaamheid van die gehoor wat intelligent-begrypend en meelewend deel moet hê aan die drama.

Een van die mooiste aspekte van Arena '57 is die feit dat die studente self omtrent al die afdelings van die werk behartig het. Die décor, die toerusting, kostuums, tegniese versorging, musiekeffekte — alles is hulle werk. En volgens die behoeftes van elke nuwe stuk sal daar aangevul en gewysig kan word. Die hele idee van hierdie „klein teater" is voortdurende eksperiment en soepelheid waarin die skeppende fantasie steeds vrye spel sal kan geniet.

Die spontane gees van medewerking en die geesdrif van die studente was vir mnr. Mohr 'n groot hulp. Natuurlik is die klaskamers rondom die ou Hollandse saal nie juis geskik as kleedkamers nie, maar 'n plan is 'n boerdery. Al moes die binnekoms soms deur 'n venster gedoen word, het daar nooit iets geharper nie en die ellelange slepe en swaaiende mantels het nooit in die slag gebly nie!

Die opvoerings van „Hamlet" het groot belangstelling gaande gemaak en so enorm was die aanvraag na sitplekke dat die seisoen met 'n halwe week verleng moes word. Heelwat toneelliefhebbers van omliggende plekke het die vertoning bygewoon en allerweë is met lof gepraat van die oorspronklike konsepsie van die stuk, die genuanseerde dinamiek van Robert Mohr se vertolking van die titelrol, die

breedheid van beweging en die harmonie van die kleurespel.

Die redakteur van 'n Engelse dagblad het sy waardering van die opvoering in die volgende woorde gestel: „Mr. Mohr achieved that synthesis between actors and audience, that heightening, intensifying and communication of experience which is theatre moving at its best and intended level. The audience, mostly students, was held in utter silence.... It is sad that wider audiences cannot be given the opportunity of seeing this remarkable production, which if it were taken bodily, audience and all, to Britain or the United States, would do us more good than all the publicity any propaganda department could possibly manufacture."

Die Redakteur van „Matieland" het mnr. Mohr genader om 'n uiteensetting van sy idees i.s. sy eksperimentele teater. Sy prikkelende mededeling wat gedoen is vóór die opvoering self, word gevolg deur 'n kritiese bespreking van die aanbieding deur prof. W. J. du P. Erlank.

Mnr. Mohr skryf as volg:

„Die idee van ARENA '57 kom uit die kernprobleme van die Suid-Afrikaanse toneel: ons het geen teaters nie, 'n klein, dun-verspreide bevolking wat nie teaters en duur opvoerings kan in stand hou nie, en ons soek nog na 'n individuele toneelstyl, eie aan ons land, ons volk en ons tyd. ARENA '57 is 'n eksperimentele teater-in-wording, wat byna geen permanente fisiese eienskappe behalwe sy vier mure het nie, waarin ons, met die verbeelding bevry van vooropgestelde idees van wat toneel behoort te wees, kan probeer om ons eie stem te vind. Ons wil daarin worstel met die probleme van toneel, maar bowe-al wil ons daarin prikkelende, lewende toneel probeer skep, wat altyd so nuut soos die naam ARENA '57 sal wees. ARENA '57 mag met „Hamlet" se laaste opvoering verdwyn. Maar ons hoop dat dit jaar na jaar as ARENA '58, '59, '60, ens herbore sal word, met 'n steeds wisselende vorm, wat dit altyd jonk en lewenskragtig sal hou.

As dit slaag, sal dit 'n plek wees waarin ons studente kan leer hoe om toneel in enige plek in ons land te skep, met tyd, ruimte en verbeelding as hulle enigste voorvereistes. En Stellenbosch sal nie meer 'n teaterlose dorp wees nie, maar 'n teater besit wat uniek in die wêreld is, en altyd modern sal bly.

As ARENA '57 sy debuut maak met die première van „Hamlet" op 11 Junie, sal sy toerusting nog beperk wees. Maar hy sal probeer wys hoeveel bereik kan word as beperkte middele tot 'n bate en 'n bevryding van konvensie omskep word.

HAMLET wat nou in die finale stadium van voorbereiding is, is die mees ambisieuse toneelpoging wat nog ooit plaaslik onderneem is. In elke opsig is dit 'n eksperiment. Die uitgangspunt is 'n poging om 'n klassiek van die museumagtige kwaliteit van 'n konvensionele opvoering te bevry, en dit as 'n moderne stuk te benader, wat vir 'n moderne gehoor 'n prikkelende en opwindende toneelervaring kan besorg.

Die opvoering, op 'n unieke oop verhoog wat spesiaal vir dié doel geskep is, streef na 'n vinnig-bewegende, kleurvolle effek, wat die betekenis van die stuk dinamies en direk, en op skouspelagtige wyse aan 'n moderne gehoor kan meedeel. Alle oortollighede is afgestroop ter wille van helderheid.

Groot moeite word gedoen om 'n afgeronde, tintelende geheel te skep. Die vertolking van die teks, die speelstyl, die toneelinkleding, die beligting en die klankeffekte (daar is byna 70 van hulle!) is sonder presedent. Die mate van sukses van die aanbieding is daarom onvoorspelbaar tot ná die eerste opvoering. Ons hoop dat die gehore dit minstens stimulerend sal vind; ons wat daarmee betrokke is, sien iets groei wat vir ons 'n ontsaglike betekenis het, maar dit is 'n sprong in die donker."

Die Ewige Mens Hamlet

deur PROF. DR. W. J. DU P. ERLANK

DIE opvoering van „Hamlet" deur die Engelse afdeling van die Departement Spraak, Voordrag en Toneel dien homself aan as eksperimentele teater onder die titel Arena '57. Dit wil as sodanig beoordeel word. Die Universiteit is by uitstek die plek vir sulke proefnemings, net soos die Universiteit ook die plek is vir wetenskaplike navorsing. En laat

ons maar dadelik sê, as meer sodanige proefnemings gemaak word, en as almal so skitterend slaag soos Arena '57, dan sal ons nasionale toneel proefondervindelik 'n eie rigting vind en 'n eie vormkarakter aanneem.

Waarom 'n proefneming? Die antwoord op hierdie vraag sal die betekenis en eiesoortige karakter van Arena '57 verklaar. Kuns, ook toneelkuns, kan slegs in 'n eie vrye ruimte ontplooi. Maar — en dit is die paradoks van alle kunsskepping — om tot groter konsentrasie en verdiepte reliëf te kom, soek die skeppende gees na sy eie dwingende vorm, soos die gedagte soek na sy definisie, soos die poëtiese impuls soek na sy metriese en strofiese binding, soos ook die hoogste geesteslewe soek na sy noodsaaklike dogma. Sodra daardie vorm-elemente wat in diens van die lewe staan egter 'n verstarring van die dood word, moet die gees dit deurbreek sodat die lewe weer bevry word.

So 'n deurbraak was Orson Welles se opvoering van Shakespeare se drama „Julius Caesar" in die agterstraatse Mercury Teater van New York (1937). So 'n deurbraak, veral as ons dit vergelyk met morsdooie Hamlet-opvoerings van enkele jare gelede in ons eie land, was Robert Mohr se onlangse proefneming in 'n ou lesinglokaal van die Universiteit. Die toneelinrigting, die vloedligte wat die aandag dan hierheen, dan daarheen gelenk het op 'n oop verhoog, die sinistere klankeffekte gaan in dieselfde rigting as Welles se eksperiment. Hoofdoel is om die lengte- en breedte-mure weg te skuif, sodat die toneellewe opnuut kontak maak met die vrye, onbelemmerde lewe waaruit dit stam. Maar ook die gelykvloerse verhoogvlak word vervang deur 'n hele reeks verdiepingsvlakke — ou sitbankvlakke! — wat 'n nuwe vertikale dimensie aan die toneel gee. Die vierkantig beslote en gelykvloerse toneelruimte, met sy realistiese décor en kostumering, waarin die Hamlet-geskiedenis met tradisionele gebaar en woorde so dikwels nageboots is, word vervang deur 'n vrye lewensruimte waar die Hamlet-lewe kan leef en sterf asof dit nou vir die eerste keer plaasvind. Dit is toneel.

Sinryke simbolisme was daar ook in die afsonderlike verhoogstukke. Sonder die betekenis te bind aan 'n bepaalde interpretasie — want 'n definisie vernietig altyd die waarheid wat hy definieer — wil ons tog betekenis-moontlikhede suggereer, wat hopelik deur niemand aanvaar sal word nie. Links voor 'n hellende vlak, die Hamlet-vlak, waar sy belangrikste openbaringsmonoloë plaasvind. Bokant hom die alsiende son-oog, son wat die lewe wek, son wat ook die maaiers van verrotting en dood verwek. Middelverhoog 'n boom, verstrengelde groen van die lewe en swart van die dood, wat vanuit sy geworteldheid in die aarde opreik na die oneindigheid bo. Regs, 'n swart kis, troon waarop die bloedskendige sensuele liefde bloei, graf waarin die skedels van wysgeer en sot beland na die dood. In die lig van hierdie agtergrond-simboliek kry die uitspraak: „There is something rotten in the state of Denmark", 'n meer universele betekenis: „There is something rotten in the state of the world."

So sien Hamlet dit. Dit bring ons tot die belangrikste in hierdie voorstelling deur Robert Mohr en sy studente. Die ietwat uitgediende Jung-Freud-siening van Hamlet is onbelangrik. Maar uiters belangrik is die verlegging van die staatsgebeurtenisse na die binneruimtes van Hamlet se siel self. Die drama, soos in hierdie opvoering gesien, gaan nie oor 'n stuk Deense geskiedenis, waarin Prins Hamlet 'n rol speel nie; dit gaan oor elke land se geskiedenis, soos dit met rasende tempo en oergeweld jaag deur die siel van 'n hooggestemde individu en hom dryf tot die afgronde van verbystering. Hamlet wás in die 12de eeu van Saxo se Historia Danica, waaraan die storie ontleen is; Hamlet is in hierdie atoom-eeu waarin ons leef. Hamlet is orals en altyd. Die betekenis van Mohr se opvoering is dat dit die mens wat Hamlet is, los van die historiese en geografiese werklikheid, los van 'n drie-honderd-vyftig-jarige toneeltradisie, bevry het tot hedendaagse menslikheid op die verhoog.

Ons kan nie in die grote wen sonder om in die kleine te verloor nie. Die drama het te veel Hamlet geword, seer seker. In bepaalde sin word die hele oopverhoog die siel van Hamlet, waarin die staatsgebeure met perkussieskokke en suprasoniese klanke homself registreer. Daardeur is die episodiese balans en die karakter-balans, waarin Shakespeare so 'n meester was, enigsins verstoor. Die pragtige gestileerde beweging, wat 'n sekere deurlopende ritmiese binding aan die bont gebeurtenisse gee, het egter in 'n mate daarvoor vergoed.



'n Toneel uit Hamlet met Robert Mohr in die titelrol

Afgesien van die hoofrol wat met geweldige konsentrasie vertolk is deur Robert Mohr self, moet spesiaal vermeld word die deur en deur gespanne spel van Cecile Buurman en Limpie Basson, wat as koningin en koning adekwate teëspel gelewer het vir die hooffiguur. Ook die byfigure — die mummelend waanwyse ou Polonius, die voortvarende Laertes, die sjarmante en ontroerend naïewe Ophelia e.a. is fyn en oortuigend gespeel.

Of ons saamstem of nie saamstem met die vertolking nie, hier is lewende toneel op 'n lewende verhoog gegee. Wat 'n skitterende opleidingsgeleentheid vir ons studente! Aan mnr. Mohr ons innige dank en hartlikste gelukwensinge!

Die Fakulteit van Opvoedkunde Hou Tred met die Tyd

deur PROF. DR. A. J. LA GRANGE

SEDERT die oprigting van die gebou vir Opvoedkunde 44 jaar gelede, het die vraag na opgeleide onderwysers en gespesialiseerde personeel in ons skoolwese op so 'n groot skaal toegeneem dat die verskaffing van ruime huisvesting en verbeterde opleidingsfasiliteite nie langer uitgestel kon word nie. Die nuwe aanbou wat voltooi is en die verbeteringe wat gemaak is, het soos deur die volgende feite aangetoon, in 'n dringende behoefte voorsien: die studentetal wat in 1913 op 57 gestaan het, het vanjaar tot ver oor die 200 gestyg, en die twee kursusse wat aanvanklik aangebied is, het aangegroei tot sewe.

Vroeër was daar slegs die kursusse vir die O.I.- en die O.II-diplomas; vandag het ons kursusse vir S.O.D., O.D.H., O.D.H.N., O.D.L.O., D.O.S.K., H.P.O.D. I, II en III, B.Ed. en M.Ed.

Die groot verskeidenheid van kursusse wat vandag aangebied word, is 'n weerspieëling van die ontwikkeling wat daar in die afgelope tyd in die leerplanne van ons skole plaasgevind het. Handelsvakke, huishoudkundige vakke, liggaamlike opvoeding, kuns, sosiale studies en spesiale klasse vir vertraagde leerlinge was dertig jaar gelede onbekend. Vandag is daar 'n groot aanvraag na onderwysers met spesiale opleiding vir al die verskillende nuwe vakke wat in ons skole aangebied word, en vir die nuwe gespesialiseerde dienste en soorte van onderrig wat in ons skoolstelsel ingevoer is.

In die opleiding van onderwysers het ons Fakulteit van Opvoedkunde getrou tred gehou met die eise van die moderne skool. Die nuwe aanbou bevat o.a. ook twee ruim en goed toegeruste lokale, die één vir opleiding in Kunsonderrig en die ander vir opleiding in die onderrig van Sosiale studies. Hierdie twee kamers is albei modelle van hulle soort.

Die model kunswerkkamer is daargestel met die oog op nuwe behoeftes ten opsigte van kunsopleiding vir toekomstige laerskool- en sekondêre onderwysers wat meegebring is deur die nuwe primêre en junior sekondêre leerplanne van die Kaapse Onderwysdepartement.

Die model sosiale-studie-werkkamer is daargestel om as voorbeeld te dien vir die moderne klaskamer. Dit is ingerig om doeltreffende demonstrering van die gebruik van moderne hulpmiddels vir die onderrig van omgewingsleer en sosiale studie moontlik te maak. Hierdie werkkamer bied nie alleen huisvesting vir die H.P.O.D.-klasse wat die vakke omgewingstudie en geskiedenis neem nie, maar dien ook as werk- en demonstrasiekamer vir toekomstige onderwysers van sosiale studie vir die nuwe junior sekondêre kursus.

Groter differensiasie in die leerplanne van ons skoolstelsel was die teken van beter voorsiening in die behoeftes van individuele leerlinge volgens verskille in aard en aanleg. Gepaardgaande met groter differensiasie in leerplanne, het die belangstelling in die sielkundige behoeftes van individuele leerlinge sterker op die voorgrond getree. Die verstandelik-vertraagde leerlinge, die leerling met gebreke in gewoontevorming, spraakgebreke, emosionele wanaanpassing, anti-sosiale neigings en verskillende vorms van skolastiese vertraging: reken, spel en lees, het veral die aandag getrek en 'n nuwe soort opvoedkundig-sielkundige diens geverg.

Uit die pogings om in hierdie nuwe behoefte te voorsien, is ons kinderleiding-kliniek 26

jaar gelede gebore onder die vaderskap van emeritus professor J. J. Strasheim — die eerste hoof van 'n selfstandige departement van opvoedkundige sielkunde in die Fakulteit van Opvoedkunde en die eerste psigoloog van die Kaapse Onderwysdepartement.

Oor die fenomenale ontwikkeling wat in die sielkundige dienste in die afgelope kwarteeu in alle onderwysdepartemente plaasgevind het, kan ons hier nie uitwei nie. Ons wil slegs die feit konstateer dat die aanvraag na sielkundiggeskoolde personeel in ons skoolstelsel geleidelik toegeneem het en nog steeds toeneem. Daar is in die hele land 'n groot tekort aan opgeleide opvoedkundige kliniese sielkundiges, skoolvoorligters en onderwyser-sielkundiges. Die huidige verbetering van fasiliteite en uitbreiding van die werksaamhede van ons Kinderleidingkliniek is een van die resultate van die pogings van ons Fakulteit van Opvoedkunde om tred te hou met die eise van die tyd waarin ons leef.

Die verbeterde huisvesting wat in die nuwe aanbou vir die kinderleiding-kliniek beskikbaar gestel word, sluit o.a. die volgende in: 'n ruim lokaal vir diagnostiese toetse, speelterapie en remediële onderrig vir jonger kinders; 'n tweede kleiner lokaal vir diagnostiese toetse, individuele onderhoude, psigo-terapie en remediële werk met ouer leerlinge en studente, en 'n waarnemingslokaal met eenrigtingskerms wat dit moontlik maak vir groepe van sowat 20 studente om die aktiwiteite in die bogenoemde lokale, sonder om stoornis te veroorsaak en sonder dat hulle vanuit hierdie lokaal gesien sal word, waar te neem.

Hierdie besondere soort voorsiening met die oog op beter opleiding van aspirant-onderwysers, staan gelyk met die mees moderne inrigtings van hierdie soort in die buiteland. Dit sal ons in staat stel om tesame met die lewering van die gewone kliniese dienste, ook in verband met opleiding noodsaaklike hulp te verleen veral op die volgende maniere:

Eerstens, verskaffing van beter sielkundige opleiding vir alle aspirant-onderwysers. Die welslae van sielkundige dienste in ons skole is grotendeels afhanklik van die bekwaamheid van elke onderwyser om met skoolsielkundiges en beroepsvoorligters te kan saamwerk, en bekwaamheid om in sy daelikse optrede as onderwyser, voortdurend die sielkundige grondbeginsels ter bevordering van die geestesgesondheid van alle leerlinge te kan toepas. Hiervoor is praktiese opleiding in die goed toegeruste en omvattende opvoedkundig-sielkundige kliniek waaroor ons nou beskik, van onskatbare waarde.

Tweedens, sekere aspirant-onderwysers en diensdoende onderwysers wat vir die B.Ed-graad wil werk, sal die geleentheid kry om hulself vir gespesialiseerde sielkundige betrekkings in die onderwys te bekwaam. Vir hulle sal daar ook geleentheid wees om as deel van hul studie saam te werk aan interessante navorsingsprojekte wat in die loop van sake, oor verskillende aspekte van die kindersielkunde onderneem kan word.

Die Fakulteit van Opvoedkunde is opregte dank verskuldig aan die Universiteitsowerheid wat die oprigting van die moderne, sierlike en doelmagtige fasiliteite moontlik gemaak het, en in besonder is hy dank verskuldig aan die Kaapse Departement van Onderwys wat deur sy simpatieke gesindheid en gewaardeerde finansiële ondersteuning van ons kinderleidingkliniek, die praktiese deurvoering van ons nuwe doelstellings op daadkragtige wyse bevorder.

„OUBAAS MARK"

deur Dr. DANIE CRAVEN

„OUBAAS MARK"! Die dooierigste oefening het ontvlam in 'n wedstryd soos min, as hierdie woorde deur die geledere van die twee spanne soos 'n weerligknal trek. Dieselfde naam het vir talle jare dinge in die Eikestad laat gebeur. Toe die ou Pawiljoenveld nie 'n pawiljoen gehad het nie, het hy gesorg dat ons een kry en dit was so seldsaam vir 'n klub om 'n veld en 'n pawiljoen te hê dat die terrein die Pawiljoenveld genoem is.

Maar toe die Voetbalklub aan die Universiteit reg verleen om die Opvoedkunde-gebou op sy terrein te bou, het Oubaas Mark gesien waartoe dit gaan lei. Hy het toe 'n opsie op die grond anderkant die rivier geneem en die Universiteit op Markotterwyse „beveel" om dit

vir sy Rugbyklub te koop. Ek is seker dis hy wat vir Landmeter Bob Loubser in die oor gefluister het om 'n groot stuk by die grond aan te las (van die Munisipaliteit).

Maar die naam was agter hierdie dade nooit hoorbaar soos op die veld nie. Trouens dis slegs op die veld dat Oubaas Mark in spel en prestasie gesien is. Wat hy van die veld af vir Stellenbosch gedoen het, is minder bekend, omdat hy nooit van homself en sy doen en late gepraat het nie. Vandag sien ons die spoggerige Matie-eerstespankleurbaadjie, maar niemand dink daaraan nie dat Oubaas Mark 'n reuse-aandeel in sy geboorte gehad het; dat toe die S.V.R. 'n monstervergadering bymekaar geroep het om die eerstespanspelers te belet om die baadjie te dra, Oubaas Mark die saak beveg en gewen het. Ons hoor van talle en talle Springbokke, maar hoeveel dink daaraan dat hulle Markotter-Springbokke is? Vanaf 1903 tot sy dood was hy lid van die bestuur van ons klub, dit wil sê vir 55 jaar. Gedurende daardie tyd het hy in en vir die spelers gelewe en homself heeltemal in die agtergrond gehou. Dit was die geheim van sy sukses: sorg vir ander en dan sorg jy ook vir jouself.

Dr. Gawie Cillié (snr.) vertel dat wyle Regter Van Zyl wat een van die driemanskap was (Cillié-Van Zyl-Markotter) wat saam onder Stucki op Blouvlei en later aan die Victoria-Kollege gestudeer het, verskriklik gebelg was. Hy het Gawie laat roep en gesê: „Wat dink jy daarvan dat Mark gesê het: ‚I have decided to devote the rest of my life to rugby'?" Toe Gawie niks daarmee fout gevind het nie, was hy eers omgekrap.

Daardie besluit van Oubaas Mark het hy in woord en daad uitgeleef. Hy het sy alles vir rugby en die spelers gegee. Nooit het hy daarvan gepraat nie. Sy dade praat deur die spelers en die baie dinge wat blywende waarde het.

Kom ons let kortliks op Markotter-Springbokke wat oud-Maties was:

Ons begin by Paul Roos wie se naam sal voortleef solank rugby gespeel word (1903—06);

Steve Joubert (1906) met die beste torpedoskop van alle tye;

Anton Stegmann (1906) wat gate deur enige verdediging kon loop;

Boy de Villiers (1906), kranige senter wat vir Ikeys gaan leer voetbal speel het;

Japie Krige (1906—1909) die beste speler wat Suid-Afrika nog ooit opgelewer het;

Bob Loubser (1903—06—10) wat saam met Japie in enige wêreldspan sou stap;

Dietlif Marè (1906) wat as skrumskakel en voorspeler vir Suid-Afrika gespeel het en

Mnr. A. F. Markotter

die eerste boek oor die spel in ons land geskryf het;

Henry Daneel (1906) sterk en eerlike voorspeler;

D. J. (Koei) Brink vir wie geen opoffering vir rugby te groot was nie;

Japie le Roux (1906) mooi en netjiese voorspeler;

Pieter le Roux (1906) broer van Japie: aange-

raai deur Oubaas Mark om die vleuelposisie ter wille van voorspeler prys te gee;

Gideon Roos (1910) wat ewe goed voor en op die vleuel diens kon doen en die voorloper van ons los-voorspelers was;

Dirkie de Villiers (1910) uitstaande senter wat op 'n nippertjie na vir Suid-Afrika krieket gespeel het;

Koot Reyneke (1910) vas en eerlike vooros wat jarelange diens aan sy Alma Mater gelewer het;

Antonie Lombard (1910) een van die eerste Oostelike Provinsie-spelers om die Springboktrui te dra;

Die onvergeetlike Richard Luyt (1910—12);

Freddie Luyt (1910—17);

Johan Luyt (1912);

Jan Stegmann (1912) wat deur Oubaas Mark uit die voorosse geneem en op die vleuel geplaas is en nou nog saam met Boet McHardy en Karel van Vollenhoven die rekord hou van drie drieë in 'n toetswedstryd;

W. A. Krige (1912) broer van Japie en amper net so rats;

Tom van Vuuren (1912) wie se reusegestalte nou nog in ons gedagtes voortleef;

Theo Pienaar, slim Springbok: kaptein van die eerste Springbokspan wat na Australië en Nieu-Seeland gegaan het;

Jackie Tindall (1921-24-28-31) wat in 1921 as losskakel na Nieu-Seeland gaan en vanaf 1924 heelagter vir Suid-Afrika speel;

Attie van Heerden (1921) ons enigste dubbel-Springbok — rugby en atletiek;

Nick du Plessis (1921-24) een van ons harde en eerlike voorspelers van alle tye;

Charlie Meyer (1921) een van die alsydigste Springbokke van alle tye;

Sas de Kock (1921-24) een van die ratsste spelers wat nog die groen trui gedra het;

Mannetjies Michau (1921) wie se naam onafskeidbaar met Sas de Kock gekoppel word;

Fien Olivier (1921) wat ewe goed in die vas en los kon speel;

Theuns Kruger (1921-24-28) wat ons onlangs ontval het en nog altyd as een van Suid-Afrika se beste voorspelers beskou is;

Tokkie Scholtz (1921) wat langer as enige ander Matie vir W.P. gespeel het;

P K. Albertyn (1924) kaptein in al vier toetse teen die Britte wat volgens Oubaas Mark in elke posisie in die agterlyn vir enige span kon diens gedoen het;

Champion Myburgh (1924): kranige skrumskakel wat feitlik sonder oefening nog sy Springboktrui kon verwerf;

Paul la Grange (1924) sterkste van die sterkes;

Kenny Starke (1924) wie se twee drieë en skepskop in die laaste toets op Nuweland nog vars in die geheue van almal is;

Pally Truter (1924) wat deur Oubaas Mark aangeraai is om die senterposisie te laat vaar en skrumskakel te speel en wie se naam onafskeidbaar aan die van Bennie Osler gekoppel word;

Nick Bosman (1924) vir wie die bestuur na 'n swak eerste wedstryd uit die Stellenbosch span wou gooi, maar deur Oubaas Mark daar gehou is en die vertroue geregverdig het;

George Daneel (1928-31) wat van die skrumskakelposisie weggeneem en in die voorspelers gestop is en een van die wêreld se grootste losvoorspelers geword het;

J. C. van der Westhuizen (1928-31) wat sy Springbokkleure verwerf voor dié van die W.P. en uitstaande senterspel gelewer het.

Boet Prinsloo (1928) wat vir Transvaal, nadat hy hier weg is, drie drieë teen W.P. kon aanteken;

S. P. van Wyk (1928) wat vir Stellenbosch, Hamiltons, W.P., Transvaal en Suid-Afrika soveel waardevolle diens gelewer het;

P. K. Morkel (1928) wat nes P. K. Albertyn oor die beste systap van alle Suid-Afrikaanse spelers beskik het;

Manus de Jongh (1928) wat met 'n gebreekte neus nog sy drie teen die All Blacks kon druk;

A. F. du Toit (1928) wat alleen 'n pak voorspelers kon wegstoot;

Ponie van der Westhuizen (1931) wat in sy eerste jaar op Universiteit reeds vir die eerste span en Westelike Provinsie speel — (Seker die bes geboude speler van alle tye);

André McDonald (1931) bekend as die beste no. 8 wat die wêreld nog gesien het wat deur Oubaas Mark van die senterposisie in die skrum gestop is;

Ferdi Bergh (1931-33-37-38) wat die meeste drieë van alle Springbokke in toetse gedruk het;

Koffie Hofmeyr (1937) wat die beste swaaiaangee gepaard met die netjiesste systap kon gee;

Flappie Lochner (1937-38) vir wie Oubaas Mark tot Springbok gekies het toe hy selfs

nie uitgenooi is na die proefwedstryde nie en wat roem verwerf het hier en in die buiteland;

Ben du Toit (1937-38) wat saam met George Daneel en André McDonald beskou word as die beste losvoorspeler wat die wêreld nog gesien het, ens. ens.

Hierdie lys sluit nie in die talle ander Springbokke wat deur Oubaas Mark in ander dele van die land ontdek is nie.

Suid-Afrika sou nooit „Tank" van Rooyen, Jimmy White, H. H. Francis en ander se dienste gehad het as daar nie so 'n goeie keurder soos Oubaas Mark was nie. Trouens ek wil sover gaan om te beweer dat vandat Oubaas Mark nie meer op ons Keurkomitee dien nie, baie talent verlore gegaan het.

Maar dis nie alleen hierdie Springbokke wat as monumente vir die nagedagtenis van Oubaas Mark daar staan nie, maar so baie ander dinge: in sy werk, op die Raad van die Universiteit, in die gemeenskap, ens.

Ons sal sy harde stem net soveel mis as sy sagte hart.

Wanvoorstelling i.s. Studentegedrag

IN die Johannesburgse koerant „Sunday Express" van 26 Mei 1957 het 'n sensasiewekkende berig onder die opskrif „Cape Varsity will ban annual rugger booze-up — disgraceful scenes at Stellenbosch" verskyn oor beweerde wangedrag van die Maties en die Ikeys by geleentheid van vanjaar se Intervarsity.

Die berig begin met 'n aankondiging dat streng stappe deur Universiteit Kaapstad gedoen gaan word volgende jaar, om 'n herhaling van 1957 te voorkom.

Die Intervarsity op Coetzenburg word voorgestel as 'n geleentheid waarna talle studente uitgesien het as die groot „drinking spree" van die jaar. Op slinkse wyse word twee of drie insidente dan vervolgens gebruik om te toon hoe studente, Maties en Ikeys, hulle aan grootskaalse drankmisbruik en skurkagtige gedrag skuldig gemaak het.

Die „Sunday Express" skryf soos volg:

„At Stellenbosch many students made the intervarsity match the occasion for a grand drinking spree. A number of them became drunk and disorderly; and here are some of the results of their liquor intake:

A Cape Town student was hit on the head with a bottle, and was taken to hospital to have a gaping wound stitched.

Another student was escorted from the pavilion by the police.

A constable was hit by a bottle, thrown by a student.

Flying bottles narrowly missed a number of other policemen.

Although no damage was done, cardboard darts were thrown in the direction of the Prime Minister, to the accompaniment of insulting jeers.

The pennant on a Cabinet Minister's car was stolen.

The chauffeur of the Governor-General's car hid his pennant (which cost £7.10.0) in case it too, disappeared.

One Cape Town student was found lying drunk among the coloured spectators.

According to a police official, many drunk students armed with bottles of liquor, turned up for the match.

So bad was it that he eventually told the gatekeepers not to allow them in.

A policeman was obliged to stand guard over Ministerial cars".

Op subtiele wyse word gesuggereer dat die Maties 'n groot aandeel in hierdie bedrywighede gehad het, en dat daar feitlik nie 'n Ikey was wat nie drank by hom gehad het nie:

„The worst offenders were the Cape Town students. Bottles of whisky, vodka, wine and champagne were much in evidence on their stands."

En dan, nadat die intervarsity wat deur Stellenbosch as gashere gereël is, uitgekryt is as iets wat ontaard het in gedisorganiseerde, onverantwoordelike boewery, word verwys na die U.O.V.S. — Potchefstroom-intervarsity sowel as dié tussen Wits en Pretoria met die woorde, „there were no untoward incidents and the boozers were clearly in the minority".

Hierdie sensasiewekkende berig is onder die aandag van die Redaksie gebring deur 'n oud-Matie wat tereg bekommerd was oor die uitwerking van so 'n berig op die gemiddelde liggelowige lid van die publiek wat ons Universi-

teit nie ken nie. Die Redakteur van die studentekoerant „Die Matie" het ook daarvan kennis geneem en in sy blad is die amptelike reaksie op die sensasieberig as volg gestel: „Ons konstateer die volgende feite:

Die oorgrote meerderheid van Maties en Ikeys het hulle op 'n prysenswaardige en sportiewe manier gedra wat ons 1957 as 'n mooi intervarsity sal laat onthou. Dat daar wel hier en daar iemand was wat hom aan drankmisbruik skuldig gemaak het, val nie te ontken nie, maar hierdie klein groepie was só 'n minderheid dat dit geensins aan die ordelikheid wat die pawiljoenreëlings gekenmerk het of aan die goeie naam van die twee universiteite afbreuk gedoen het nie.

Die enigste „insident" waarvan ons weet, is dat een Ikey deur 'n bottel beseer is en dat 'n ander as gevolg daarvan ondervra is. Daar was geen Matie by betrokke nie, en daar is geen aanduiding dat dit met opset geskied het nie.

Ten slotte kan ons net meld dat die „Sunday Express" dieselfde koerant is wat verlede jaar ons toerspan se borselafskeid van James Starke op die Jan Smuts-lughawe soos volg veroordeel het:

„This farewell and ‚good luck' gesture was strenuous enough to make other passengers at the airport think about calling the police. For Mr. Starke himself it was, of course, a gross indignity. The students certainly did their university very little credit by their exhibition at the airport, and from recent reports we have read of high spirited horseplay at Stellenbosch, it would almost seem that the borsel mentality is beginning to encroach upon student life."

Die ooreenkoms, wat oningeligtheid betref, tussen laasgenoemde berig en die intervarsity-tirade, is onmiskenbaar. Nogtans is dit getrou in die „tradisie" van sensasie-beriggewing." Tot sover „Die Matie".

In 'n verklaring het die Rektor, prof. H. B. Thom, bevestig dat die Stellenbosse studente hulle op Intervarsity-dag op 'n uitnemende wyse gedra het, nie net op die veld nie, maar ook op die pawiljoene en elders

Iedereen wat in Stellenbosch belangstel, kan met vrymoedigheid hierheen kom om self te kom kyk en oor die gedrag van ons studente te oordeel — by ons voetbalspelers op die veld, by die studente in die klaskamers, by die mooi groot studentegehore in die Kerk, by die jaarlikse Sangfees, by ons toneelopvoerings ('n Kaapstadse Engelse koerantredakteur skryf juis i.v.m. die „Hamlet"-opvoering op Stellenbosch: „The audience on this occasion represented and reflected South Africa at its best — they were quiet, courteous and during the action gave themselves completely to the unfolding drama".) Op Stellenbosch self sien 'n mens hoe Stellenbosch waarlik lyk, en nie deur die bevooroordeelde kyk van 'n sensasiebeluste koerant nie.

Die „Sunday Express" se Intervarsity-artikel is nogal subtiel geskrywe in so verre dit nie 'n direkte aanval op Stellenbosch is nie, maar net 'n venynige innuendo. Daarby kom die bekende tegniek om 'n wig tussen Afrikaanse universiteite soos Stellenbosch aan die een kant, en Bloemfontein en Potchefstroom aan die ander te probeer indryf.

Maar iedereen wat ons Universiteit ken, sal weet dat die ideale waarvoor Stellenbosch staan en hom beywer, nie dié van die „Sunday Express" is nie. Dit is jammer as sekere mense dit griewend vind om te sien dat Stellenbosch opgang maak en in baie kringe nogal heelwat invloed besit. Aan hierdie kleinlike venyn kan ons niks anders doen as om dit aan die kaak te stel nie. Intussen gaan ons Universiteit na die beste van sy vermoë voort om die saak van ons jeug en ons volk te dien, soos hy dit altyd gedoen het en soos hy dit vandag nog doen.

Geneeskundige Fakulteit Kom op Dreef

deur PROF. DR. F. D. DU T. VAN ZIJL

SEDERT die eerste groep van geneeskundige studente agtien maande gelede tot die nuwe Fakulteit toegelaat is, is daar groot vordering gemaak. In die eerste plaas is die sierlike D. F. Malan-gebou aan die begin van die huidige akademiese jaar ingewy en in gebruik geneem. Stellenbosch kan trots wees vir die wyse waarop die Departemente van Fisiologie en Anatomie in hierdie gebou gehuisves is. Prof. H. E. Brink verdien baie lof vir die tyd wat hy

bestee het aan die beplanning van dié gebou. Prof. J. F. van E. Kirsten het op 1 Julie sy dienste as Professor van Anatomie aanvaar.

Die derde jaar sal hoofsaaklik gewy word aan die studie van Patologie waarvoor die studente na die Karl Bremer-hospitaal sal gaan. Dit gaan



Fotograaf Terence J. McNally

FAKULTEITSRAAD VAN GENEESKUNDE

Voorste ry (van links na regs): *Prof. H. E. Brink (Professor van Fisiologie), Prof. F. D. du T. van Zijl (Professor van Chirurgie), Ds. J. S. Gericke (Vise-Kanselier), Prof. H. B. Thom (Rektor), Prof. A. J. Brink (Professor van Interne Geneeskunde), Dr. P. F. Cluver.*
Tweede ry (van links na regs): *Drs. J. K. de Kock, H. C. Wykerd, R. L. M. Kotzé (Mediese Superintendent), Prof. J. N. de Villiers (Professor van Verloskunde en Ginekologie), Dr. C P. Retief.*
Derde ry (van links na regs): *Drs. H. L. de Villiers Hammann. P. A. Foster. Hamilton Bell, J. Marshall.*
Afwesig: *Prof J. F. van E. Kirsten (Professor van Anatomie), Drs. A. J. S. Burger, H. T. van Diggelen, E. G. van Hoogstraten, W. H. Opie. C. J. B. Muller, L. S. de Villiers.*

Karl Bremer-hospitaal,
Bellville, K.P.
Desember 1956.

moeilik om die personeel vir hierdie belangrike afdeling van die kursus te bekom, en daar sal skouer teen die wiel gesit moet word om die Departement Patologie doeltreffend ingerig te kry om studente aan die begin van 1958 te ontvang.

Wat betref die Kliniese Departemente is die Karl Bremer-hospitaal reeds goed op dreef. Byna alle spesialiteitsdienste word reeds verskaf. Waar daar op 1 Junie 1956 by die Karl Bremer-hospitaal, die Opleidingsinrigting van die Universiteit, nie eens meubels in die siekesale was nie, word daar nou doeltreffend voorsien aan die behoeftes van 250 bedlêende binnepasiënte, en daagliks aan ongeveer 200 buite-pasiënte. In die Verloskundige Afdeling word daar ook 'n Distriksdiens georganiseer.

'n Personeel van 60 geneeshere en 105 verpleegsters, en 'n span administratiewe beamptes, tegnoloë en werktuigkundiges, staan 24 uur van elke dag in diens vir hierdie mense. As gevolg van 'n tekort aan verpleegsters, kan die oorblywende 150 binnepasiënte-beddens nie noual in gebruik geneem word nie.

'n Geneeskundige Fakulteit moet hoofsaaklik aan drie vereistes beantwoord:—

1. Die versorging van siek mense;
2. Die opleiding van studente; en
3. Die uitvoering van navorsingswerk.

Ten opsigte van die eerste vereiste, is die vordering, soos van bostaande afgelei kan word, baie bemoedigend, en daar word verwag dat die oorblywende 150 bedde geleidelik tot beskikking van pasiënte gestel sal word, sodat teen die einde van 1958 alle bedde in gebruik sal wees.

Die Kliniese Departemente werk glad en georganiseerd, en is reeds vir studente-opleidingsdoeleindes geskik. Terwyl die voorgraadse studente gedurende 1959 in die siekesale onderrig sal ontvang, word daar tog aan nagraadse studente nou kliniese onderrig gegee. Geneeshere berei hulle dan hier voor vir die grade M.Med. en M.D. in die verskillende vertakkings van die Geneeskunde, soos bv. Interne Geneeskunde, Chirurgie, Verloskunde en Ginekologie, asook Urologie, Narkoseleer ensomeer. Daar word gevolglik gereelde kliniese besprekings gevoer, akademiese samekomste gehou en voordragte gelewer by wyse van referate en lesings.

Intussen word nagraadse studente ook 'n geleentheid gegee om hul kennis in die basiese vakke, Fisiologie en Anatomie, te vermeerder met hulp van die betrokke Departemente te Stellenbosch.

Die navorsingsaktiwiteite het voorasnog, uit die aard van die saak, grotendeels agterweë gebly — tog is navorsing nie verontagsaam nie. Hiervoor het ons essensieel drie belangrike hulpmiddels nodig:—

(a) Spesiale apparaat en toerusting;
(b) Navorsingsmateriaal; en
(c) 'n Doeltreffende biblioteek-diens.

Die eerste is duur en moeilik te kry, maar word nou gaandeweg aangevul.

Die Hospitaal-Administrasie van Kaapland het bv. so pas ongeveer £15,000 se spesiale toerusting aan die Departement Interne Geneeskunde toegestaan.

Navorsingsmateriaal neem oor die algemeen 'n paar jaar om deeglik te versamel, en ons is reeds besig met goed-beplande rekordstelsels, en klassifisering en kodifisering van hospitaalgevalle om aan hierdie vereistes te voldoen.

Sover die biblioteekdienste aangaan, is daarmee ook reeds vordering gemaak, en die Fakulteit ontvang 'n groot aantal — bykans 300 — lopende tydskrifte, en daar is 'n begin gemaak met die aankoop van boeke.

'n Begin is wel gemaak met sekere navorsingswerk, bv. op pituïtêre uitskeiding in toksemie van swangerskap, en galblaasveranderinge in swangerskap. Ander projekte is in hul beplanningstadium.

Sekere personeel-tekorte skep 'n probleem wat gedurige aandag geniet.

Die oprigting van tydelike lesingkamers en ander geriewe by die Opleidingshospitaal geniet aandag. Daar word ook hard gewerk aan die planne vir 'n nuwe groot hospitaal en 'n daarnaas-liggende kliniese gebou en laboratoria. Die perseel hiervoor sal eersdaags in samewerking met die Provinsiale Administrasie gekies word.

Die ywer van die geneeskundige sowel as die hulppersoneel word allerweë op prys gestel, asook die goeie gesindheid van die Hospitaaladministrasie. Die dryfkrag van die Universiteit dra veel daartoe by om die probleme die een na die ander op te los.

Die Universiteitskoor

deur DR. ERNST VAN HEERDEN

DIE Universiteitskoor van Stellenbosch het 31 jaar gelede ontstaan as gevolg van 'n spontane drang van 'n groep van die destydse studente om op gereelde tye bymekaar te kom om te sing. Aanvanklik was die doel van die koorbyeenkomste maar net om saam te sing, maar al gou het die koor aan kunswedstryde deelgeneem en ook uitvoerings gegee en buite die grense van Stellenbosch bekend geword.

teitskoor ervaar het. Baie van hulle was nie besonder musikaal of geseën met mooi stemme nie, en tog het hulle liefde vir die koorsang 'n uiting en ook 'n ryke beloning in die koorwerk gevind. Die meerderheid was nie musiekstudente nie, en dit was altyd 'n genot — en 'n openbaring — om te sien hoe lustig landbouers, opvoedkundiges, ingenieurs, wetenskaplikes en ander, „handgemeen raak" met werklike goeie



Die Universiteitskoor, Toergroep 1956 (In die middel voor: Mnr. P. McLachlan)

Die dryfkrag agter die Universiteitskoor was al die jare prof. dr. G. G. Cillié, jnr. wat sowel sy musiekliefde en fyne smaak as sy geesdrif aan verskeie geslagte van studente oorgedra het. Één gevolg van sy ywer en toewyding is die feit dat honderde oud-Maties oor die hele land kan getuig van die vreugde en genoegdoening wat hulle as lede van die Universi-

musiek — en dikwels in 'n vreemde taal!

Sedert 1946 het die Universiteitskoor die leidende rol gespeel in die jaarlikse Studentesangfees wat nou reeds ná elf jaar tot een van die hoogtepunte van die Universiteit se buite-akademiese aktiwiteite ontwikkel het. Vanaf 1952 het die koor ook wyer gebiede betree en begin met jaarlikse toere om koor-

sang van goeie gehalte na verafgeleë streke van ons land te bring.

Gedurende November-Desember 1956 bv. het 'n groep koorlede die Transvaal en Vrystaat besoek en oral 'n geesdriftige ontvangs geniet. „Die Transvaler" se kommentaar was o.a.: „Die Universiteit van Stellenbosch kon beswaarlik beter ambassadeurs na die Noorde gestuur het as die toerkoor wat tans hier optree." By dié geleentheid was die bekende Suid-Afrikaanse sopraan, Vesta Oelofsen, die soliste saam met die koor en haar verruklike sang en charmante optrede het oral bewondering gewek. Sy is 'n oudleerling van mej. Joan van Niekerk en het ook in Europa by leermeesteresse soos Maria Ivogün en Astra Desmond studeer.

Die toerkoor-groep het gedurende 1957, met aanvullings uit die groot koor, bly voortbestaan as 'n kamerkoor. Hulle het reeds 'n radio-uitvoering en 'n paar openbare optredes agter die rug. Verder het die onderskeiding hulle te beurt geval dat hulle deur die S.A.U.K. gevra is om plaatopnames te maak vir die Radiokorporasie se transkripsie-diskoteek.

Die huidige leier van die koor is mnr. Philip McLachlan, een van die bekendste koorleiers in Kaapland. Toe hy dosent aan die Graaff-Reinetse Opleidingskollege was, is hy deur 'n Carnegie-beurs in staat gestel om in Londen verder te studeer en in 1948 het hy die lisensiaat van die „Royal Academy" in stemkultuur en klassang verwerf. Sedert sy aanstelling in 1954 in die Fakulteit van Opvoedkunde neem mnr. McLachlan 'n leidende aandeel in die jaarlikse Sangfees.

Vanaf verlede jaar probeer die Koor om naas sy Sangfeesprogram ook nog minstens één standaard-koorwerk in die eerste semester uit te voer. Die Mozart-herdenkingsjaar 1956 het hom aangespoor om twee Mozart-werke aan te bied, nl. die Te Deum in C (begelei deur 'n strykkwartet) en die kantate „Dir, Seele des Weltalls."

Ter afsluiting van die Pinkster vanjaar het 'n vol stadsaal een Sondagaand geluister na die Koor se uitvoering van twee werke vir dubbelkoor en orrel, nl. die Te Deum van Jannasch en die Missa Solemnis van Boezi. Die tweede koor wat saam met die Universiteitskoor opgetree het, het 'n aansienlike aantal lede van die publiek ingesluit. Wat omvang en rykheid betref, was Boezi se Mis een van die grootste werke wat nog ooit deur 'n koor op Stellenbosch aangebied is en die ruim 200 stemme het inderdaad indrukwekkende sang gelewer.

Die gevoel van oorgawe en die aanbiddende sfeer het veral in die Sanctus- en Agnus Deidele mooi tot uiting gekom, waar stemnuansering en ekspressiwiteit van 'n fyn gehalte was. Deurgaans was die diksie van die Koor pragtig en veral die suiwer artikulasie van konsonante het opgeval: 'n prestasie vir sangers wat 'n vreemde taal soos Latyn sing.

As hoofsoliste het opgetree Judy van Niekerk, Elise Lubbe, Abri Roux, Koos Bouwer, Bettie Smit en Corrie van Eeden. Chris Swanepoel verdien lof vir sy knap werk as begeleier op die Hammond-orrel en ook vir sy aandeel aan die afrigting. Na sy studie in Duitsland is mnr. Swanepoel nou dosent aan die Konservatorium. Hy beloof om 'n dinamiese krag in die musieklewe van Stellenbosch te word. Sy Konservatoriumkoor is nou besig om 'n besonder moeilike maar tog grootse kantate van Buxtehude in te studeer.

Alle koorleiers op Stellenbosch is dit eens dat die besoek verlede jaar van die groot Duitse musikus, prof. Kurt Thomas, 'n geweldige inspirasie vir ons plaaslike koorsang was. Hy het veral vir almal wat sy kursus bygewoon het, nuwe lig laat opgaan ten opsigte van stembouing vir koorsangdoeleindes. Sy hoë musikale intelligensie, sy geesdrif en sy integriteit as musikus was 'n openbaring en 'n besieling vir almal wat met hom in aanraking gekom het.

Die koorsang op Stellenbosch staan op 'n hoë peil en danksy die besielende leiding wat van die koorleiers uitgaan en die geesdriftige samewerking van die lede, is dit een van die mooiste manifestasies van die Stellenbosse studentelewe: 'n gemeenskaplike liefde vir die blywende geestelike en estetiese waardes.

BRIEWEBUS

Mnr. P. J. du Toit (Middelburg, K.P.) skryf o.a.:

„Dit was aangenaam om kennis te maak met die nuwe *MATIELAND* wat 'n mens se gedagtes so ver terugvoer en terselfdertyd soveel hoop vir die toekoms inboesem. By die deur-

lees daarvan tref dit my hoe min name van manne van meer as 40 jaar gelede daar genoem word. Toevallig haal ek onlangs 'n ou aantekeningboekie uit 'n laai wat heelwat lig werp op ons doenighede in die jare 1909—1912.

Dit was ons erns om Hollands en Engels reg te praat. In die ou *Tertia* het ons sewe-sewe aan 'n tafel gesit, en onsself gedwing om om die beurt die een of ander taal te praat. Hier is 'n paar van die reëls wat voor in die boekie verskyn:

Men spreke iedere Maandag, Woensdag en Vrydag alleen Engels, iedere Dinsdag en Donderdag zuiver Hollands, en Zaterdag Kaaps-Hollands of Hoog-Hollands. Door overtreding van deze wet zal een lid zich bloot stellen beboet te worden met een som van niet te bovengaande drie duizend pond. (Dit was 'n trippens. Gewoonlik was die boete maar vyfhonderd pond, oftewel 'n halfpennie.)

Dan volg nog 'n paar reëls. Op 11 Maart 1911 is 'n reël bygevoeg: ‚'s Zaterdags wordt er alleen Afrikaans gesproken.'

Die organisasie was so 'n baster tussen 'n parlement en 'n geregshof. Elke kwartaal is 'n ander President en 'n Sekretaris van die Huis gekies. As iemand oortree, word daar formeel voorgestel dat hy vir so- of soveel beboet moet word, en dan begin die ‚beredenering' van die saak.

Soms is daar daelank oor 'n woord gestry. Soos toe Niklaas (later dr. N. J. van der Merwe, L.V.) die woord ‚stop' op 'n Afrikaanse dag gebruik het. Daar is uiteindelik besluit dat dit 'n anglisisme was in die sin waarin hy dit gebruik het. Hy mog sy pyp in Afrikaans stop, maar as hy 'n persoon in die straat ‚stop', was dit Engels!

Roelof Theron (later ds.) het 'n vreeslike handskrif gehad. By een geleentheid het die President, Niklaas van der Merwe, die weeklikse notule onderteken met die opmerking: ‚With the hope that the secretary's writing will improve. '

Therontjie het eenkeer so begin om die reëls op rym te sit:

> Hy wat appelleer moet £500 deponeer.
> Wen hy zy saak moet hy die geld terugkry,
> Zo nie, in die kas zal dit bly.

Hy het ook 'n lys gemaak van woorde wat kanonies was, o.a. brekfis, sports, tickey. En 'n lys van apokriewe woorde: stop, braggerag, bully, alright, bicycle. (Deurgaans sy spelling van 1911).

Ander betalers van boete was Ezra Pienaar en Johannes Moolman (altwee tokkelokke), P. R. Botha (tot onlangs ons gesant in België), W. A. (Fox) Joubert, en natuurlik skrywer hiervan.

In die kwartaallikse opsommings van boetes staan die hoogste totale gereeld na die name van N. J. van der Merwe, Roelof Theron en Fox Joubert. Hulle was die verstrooides wat nooit kon onthou watter dag van die week dit was nie en dan gereeld in die verkeerde taal weggeval het, tot groot vermaak van die Huis.

Op die end van elke jaar is die boetes ingevorder en het ons daarmee op die arbei-velde gaan feesvier en die Huis formeel gesluit vir die jaar.

Van verstrooidheid gepraat: Niklaas van der Merwe was ook 'n laatslaper en het baie selde aan die ontbyttafel verskyn. Eenkeer het dit 'n week oor 'n boeg gereën en het hy in die gewoonte geraak om net op die tippie by die kweekskool aan te kom in sy winter-mondering. En toe daag daar 'n lieflike sonnige dag. Niklaas was te afgetrokke en vol slaap om dit te merk en kom by die klas aangestorm met jas, oorskoene en oop reën-sambreel, terwyl die res hulle in die son staan en verlustig. Hy moes dit ontgelde."

Baie dankie, mnr. Du Toit, vir hierdie interessante vertelling uit die ou dae.

Mnr. M. H. Pienaar (van Bellville, K.P.) skryf as volg:

Ek wil graag langs hierdie weg my innige dank en hoë waardering teenoor die Universiteitsowerheid betuig vir die skitterende idee om deur middel van „Matieland" die duisende oud-studente oor die lengte en breedte van die land op hoogte te hou met die bedrywighede van hul Alma Mater.

Daar is egter 'n saak wat my hinder. Ons weet almal watter hoë geldelike eise tans aan die Universiteit gestel word met die stigting van 'n Mediese Fakulteit en so meer, daarom voel ek dat die oud-Maties nie behoort toe te laat dat die Universiteit „Matieland" uit eie fondse moet administreer nie.

Die meeste oud-studente is nie by magte om groot skenkings aan die Universiteit te maak nie, maar indien elke oud-Matie 'n minimum

Mnr. M. H. Pienaar

van £1 per jaar sou bydra, kan daar 'n sterk „Matieland"-fonds in die lewe geroep word wat die Universiteit sal onthef van alle geldelike verpligtinge met betrekking tot die druk en verspreiding van „Matieland".

Ek sou baie graag die mening van oud-Maties in verband met die suggestie wil verneem.

Die Voorsitter van die Komitee van Publikasies van die Studenteraad skryf as volg:

Die Studenteraad het 'n mosie aangeneem waarin die opbou van 'n argief vir studentepublikasies voorgestel is. So 'n versameling ou blaaie sal nie alleen interessant wees vir die nageslag nie, maar kan van groot waarde wees vir 'n nuwe redaksie.

Daar word gepoog om alle beskikbare vroeëre publikasies in die argief te plaas en aangesien daar maar vanjaar begin is met hierdie skema, wil ons 'n beroep op al die Oud-Maties doen om ons te help. Indien enige van die oudstudente oor sulke blaaie beskik (bv. Juniorblaaie, Intervarsityblaaie en Stellenbosse Studente, ens.) en dit graag in die argief wil plaas, sal ons dit waardeer as hulle in verbinding tree met:

Die Voorsitter,
Komitee vir Publikasies,
Studenteraadskantoor,
Stellenbosch.

Nuus van Oud-Matiebond-Takke

DURBAN

Die Oud-Maties in Durban het vanjaar se Intervarsity gevier met 'n dinee wat deur dr. E. G. Malherbe, Prinsipaal van die Universiteit van Natal, en mnr. J. V. Smit hoof van die Onderwyskollege in Durban, toegespreek is.

Die nuwe Bestuur is as volg saamgestel:

Mnr. J. H. Stander (B.A. 1923) — Voorsitter.
Mnr. H. A. van der Walt (B.A. 1947) — Sekretaris.
Add. Lede: Mev. D. Cillie (B.Sc. 1931), mej. J Bruwer (B.A. 1951), mnr. A. D. van Rensburg (B.Sc. 1950), mnr. E. Cillie (B.Com. 1955).

PRETORIA

Tweehonderd Oud-Maties het op 18 Mei by die Pretoria-Fonteine byeen gekom om die Maties se oorwinning te vier. Die Oud-Maties van Pretoria, en selfs 'n paar van Johannesburg, Krugersdorp, en van elders (ook was in ons midde 'n agttal Oud-Ikeys) het die middag in ideale weersomstandighede by die Fonteine saamgetrek om na die Intervarsity-uitsending te luister. Terwyl daar gewag is op die uitsending, is daar lustig gesing en rondgestaan om ou vriende van studentedae blad te skud en lekker te gesels. Na afloop van die uitsending, en veral met die wete dat Stellenbosch geseëvier het, het die klomp lekker weggelê aan die wors.

braaivleis en ander geregte. Die stemming was reg, en 'n regte studentegees het geheers en nadat die mae gevul was, het die pare die dansbaan toegesak waar dit jolig toegegaan het.

Almal (oud en jonk) was dit eens dat dit 'n uiters geslaagde funksie was.

Onder die aanwesiges is onder andere opgemerk; dr. en mev. M. M. Loubser, mev. S. F. N. Gie (eggenote van 'n vorige Rektor van U.S.), prof. en mev. B. J. Dippenaar, prof. en mev. Du Plessis, dr. M. J. Posthumus, ds. Raats, dr. en mev. P. J. J. Du Plessis en mnr. Rocco Knobel.

WELLINGTON

Dr. George Wassenaar, sekretaris van die Oud-Matiebond-tak, Wellington, skryf as volg:

Die stigtingsvergadering van die Oud-Matiebond-tak te Wellington is op 17 Julie 1957 gehou toe die aanwesiges deur die Rektor van die Universiteit, prof. H. B. Thom, toegespreek is. Prof. Thom het die nuwe ontwikkelinge aan die Universiteit geskets, soos bv. die instelling van grade in die krygskunde, die stigting van die Geneeskundige Fakulteit en die bekendstellingskema vir eerstejaarstudente. Na 'n verduideliking deur mnr. P. J. Lombard, Inligtingsbeampte van die Universiteit, oor die doel van die Oud-Matiebond is oorgegaan tot die stigting van 'n tak op Wellington. Die volgende bestuur is gekies.

Ds. E. J. du Toit — Voorsitter.

Mnr. A. W. Retief — Onder-voorsitter.

Dr. G. Wassenaar — Sekretaris.

Mnr. G. Malan — Penningmeester.

Interessante nommers is deur mejj. Slier en Wagenaar (besoekers) en mev. M. Retief gelewer. Na die bediening van verversings het mnr. G. Malan, onder protes van ds. Moolman, 'n paar goëltoertjies uitgevoer waarin hy o.a. vir mnr. P. Nortje „getoor" het. Interessante staaltjies uit hulle studentejare is vertel deur mnre. A. Retief, G. Lochner en ds. Moolman. Hieruit het o.a. geblyk dat ds. Moolman, terwyl hy Kweekskoolstudent was, eenkeer vir 'n verkeersoortreding voor die keuse van 5s. boete of 4 dae tronkstraf gestaan het!

Die aand is afgesluit met die sing van Intervarsity-liedjies en die Universiteitslied onder leiding van 'n gewese Matiedirigent, mnr. Con Hofmeyr.

Stigting van Nuwe Takke van die Oud-Matiebond

DIE Rektor, prof. H. B. Thom, vergesel van die Inligtingsbeampte van die Universiteit, mnr. P. J. Lombard, het op 23 Julie na die Suidwestelike Distrikte en die Oostelike Provinsie vertrek om behulpsaam te wees met die stigting van takke van die Oud-Matiebond op Mosselbaai, George, Oudtshoorn, Graaff-Reinet, Middelburg, Cradock en Oos-Londen. Op versoek van die tak van die Oud-Matiebond op Queenstown, het die Rektor ook ingewillig om die oud-Maties van Queenstown en omgewing toe te spreek. Die Rektor se periodieke besoek aan oud-Maties het nou 'n vaste instelling geword.

Die volgende persone het die taak op hulle skouers geneem om byeenkomste op die verskillende plekke te reël:

Ds. H. L. Pepler, leraar van die N.G. Kerk op Mosselbaai; mnr. F. J. (Fella) Scholtz, onderwyser aan die Outeniqua-Hoërskool, George; ds. H. C. Hopkins, leraar van die Verdedigingsmag op Oudtshoorn; mnr. N. Blanckenberg, dosent aan die Opleidingskollege, Graaff-Reinet; dr. T. F. le Roux, hoof van die Hoërskool, Middelburg en mnr. S. H. Laubscher, onderwyser aan die Hoërskool, Middelburg; mnr. A. B. du Toit, hoof van die Hoër Seunskool, Cradock; mnr. A. C. van Niekerk, Uitbreidingsbeampte op Queenstown en mnr. Jan Preuyt, dosent aan die Tegniese Kollege, Oos-Londen.

Alle oud-Maties wat die stigting van 'n tak van die Oud-Matiebond beoog en begerig is dat die Rektor by hierdie geleentheid teenwoordig moet wees, moet asb. met die Inligtingsburo in verbinding tree en nadere besonderhede verstrek. Dit is altyd vir die Universiteitsowerhede aangenaam om op daadwerklike wyse mee te help met die stigting van nuwe takke.

Ons hoop om in die volgende nommer van „Matieland" meer besonderhede te verstrek van die hierbo aangekondigde reis van die Rektor en die Inligtingsbeampte van die Universiteit.

Van HEINDE en VERRE

Laat die Redakteur van u hoor! Ons plaas graag berigte omtrent die akademiese en ander onderskeidings deur oudstudente behaal, omtrent hulle aanstellings, ondervindings, werkkringe en algemene bedrywighede — enigiets wat u Alma Mater en alumni sal interesseer. Ons verneem ook graag van oudstudente in die buiteland en sal kort artikeltjies oor reisindrukke en -ervarings verwelkom.

Ons wil graag die onderstaande oudstudente wat sedert die verskyning van die eerste nommer van „Matieland" aan ons geskryf het, vir hulle briewe bedank en hulle terselfdertyd gelukwens met die dienste en prestasies deur hulle gelewer. Ons wens hulle die grootste moontlike sukses in hulle onderskeie werkkringe toe.

Ten einde universiteitsvriende in staat te stel om u te eien, sal dit goed wees as oudstudente die naam of bynaam vermeld waaronder hulle in hul studentedae bekend was. Dit word saam met die ander besonderhede geregistreer. Ook natuurlik is u graad of diploma met jaartal 'n nuttige indentifikasiemiddel.

Appèlregter C. G. Hall (LL.D. 1935) skryf uit Bloemfontein dat oud-Maties goed in die Appèlhof verteenwoordig is, nl. Appèlregters H. H. de Villiers (LL.B. 1922) en L. C. Steyn (LL.D. 1923) en hyself. „Hein de Villiers en ek was die eerste twee Maties wat deur middel van 'n Stellenbosse regsgraad as advokate toegelaat is. L. C. Steyn was vir 'n rukkie my kamermaat in Dagbreek in die dae toe die ou plek onder sy inwoners nog as ‚Hongerly' bekend was. Na afloop van baie jare het ons drie op die Appèlhof weer kollegas geword. Nou gaan Hein de Villiers weer terug na die Oostelike Provinsie waar hy van die plaaslike afdeling van die Hooggeregshof op Grahamstad Regter-President word."

Mnr. J. H. Stapelberg (B.Sc. Agric. 1941) is tot Eerste Vakkundige Beampte by die Landbounavorsingstasie te Bethlehem bevorder en is ook aangestel as die verantwoordelike beampte van die proefstasie.

Mnr. Louis Fourie (M.A. Ekon. 1944) was gedurende 1955—56 in die V.S.A. en Kanada met 'n Carnegie-toekenning om die organisasie van navorsing in die sosiale wetenskappe te bestudeer. Sedert Januarie 1957 is hy senior lektor in Ekonomie aan die Rhodes-Universiteit te Grahamstad.

Mnr. J. A. (André) Groenewald, (B.A. 1944), vroeër joernalis by „Die Burger" en hoofsubredakteur van „Die Transvaler", is nou bestuurder van die Afrikaanse afdeling van S.A. Advertising Contractors, van Bellville, K.P.

Mnr. Werner Barnard (B.A. 1949) is werksaam by die S.A.U.K. in Johannesburg as assistent-opsiener van praatjies en sport. Ons wil mnr. Barnard van harte gelukwens met die verskyning van sy boek „Amper Krieketkampioene" (Nasionale Boekhandel, Kaapstad) — die eerste boek oor krieket in Afrikaans.

Dr. C. A. Strauss (D.Sc. 1942) skryf dat „Matieland" hom met heimwee vervul na die goeie op studentedae. Hy is nou hoofgeoloog by Yskor in Pretoria.

Mnr. J. J. du Toit (M.Sc. Landbou 1947) vroeër verbonde aan die S.-E. Landboukollege in die departement plantesiekteleer, lê hom nou in die Oostelike Provinsie (Kidd's Beach) op die bees- en pynappelboerdery toe.

Dr. O. C. Erasmus (B.A. 1943) is vanaf begin 1957 as professor in die Fisiolosofiese Opvoedkunde aan die Onderwyskollege van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangestel.

Mnr. J. C. van Renen (B.Sc. 1926) was lank by die Hoërskool Jan van Riebeeck en is van 1957 af vise-hoof van die Hoërskool Ysterplaat, Kaap.

Mnr. M. J. Schoonwinkel (B.Com. 1946) is tans verbonde aan die personeel van die United-Bouvereniging in Bloemfontein.

Mnr. F. P. van der Merwe (B.Sc. Ing. 1955) is as assistent-stadsingenieur van Walmer, Port Elizabeth, aangestel.

Dr. C. C. L. Albertyn wat in 1935 die B.Sc. I-kursus gevolg en hom daarna as veearts in Pretoria bekwaam het, is nou verbonde aan die Stadsgesondheidsdepartement in Kaapstad.

Mnr. C. W. van B. Gertenbach (B.Sc. Landbou 1931; M.Ed. 1935) is Assistent-direkteur van die Natalstreek van die Departement Landbou, waar, volgens hom, „al die peste van Natal op my afgelaai word — onkruide, kommandowurms en vrotpootjie, benewens al die plaasplanne wat ek moet kontroleer." Ons wens u sterkte toe, mnr. Gertenbach!

Mnr. J. Fleischmann (B.Ed.Ph. 1948, M.Ed.Ph. 1954) vra belangstellend hoe dit met die Universiteit se gewigoptel- en stoeiklubs gaan en vertel dat hy nou onderwys gee aan die Hoërskool, Pietersburg, Tvl.

Mnr. D. C. Hauptfleisch (M.A. 1953) is verbonde aan die Vertaalpersoneel, Die Volksraad, Kaapstad.

Mnr. D. F. Carse (Neil — LL.B. 1956) is werksaam by 'n prokureursfirma in Kaapstad.

Mnr. Ludwig Diener (B.A. 1954, LL.B. 1956) is werksaam by 'n prokureursfirma in Bloemfontein. Hy speel vanjaar vir die 1ste hokkiespan van U.O.V.S.

Mnr. H. G. Murcott (M.Ed. 1938), vroeër hoof van die Sekondêre Naturelleskool te Lemana. Louis Trichardt, is nou onderwyser in Latyn aan die Hoër Seunskool, Pretoria.

Mnr. G. F. Booyzen (Sekretaris van Umpa — die Vereniging van oud-Maties aan die Witwatersrand) skryf: „Ons is van mening dat die blad meer foto's kan gebruik ter opheldering, byvoorbeeld van persoonlikhede, nuwe geboue en algemene uitbreidings". (Ons doen ons bes, mnr. Booyzen!)

Inspekteur P. J. Rossouw (B.A. 1932) is een van die lesers wat onder die indruk is van die inkleding en versorging van die blad en wat die vraag stel: „Kan ons nie help betaal nie?" (Sien voorstel van mnr. M. H. Pienaar onder Briewebus).

Mnr. C. M. Booysen, oud-Direkteur van Onderwys van Natal, skryf: „In verband met die inhoud van die blad wil ek aan die hand doen dat daar gereeld ruimte afgestaan word aan die bedrywighede van die Studenteraad en die Huiskomitees van die verskillende koshuise. 'n Ietsie oor die doen en late van die verskillende verenigings sal ook baie welkom wees."

Mnr. Ernst L. Conradie (B.A. 1954) skryf geesdriftig oor sy werk as onderwyser in Afrikaans en Aardrykskunde aan die Seevaart-kollege „Generaal Botha" te Gordonsbaai. Hy sê hy kan amper deur sy klaskamervenster visvang! Hy vervolg: „Ek dink ‚Matieland' slaag al klaar daarin om by sy eerste buiging 'n spesiale plekkie in die hart van elke oud-Matie oop te skop .... Van harte geluk met die spogblad; dis deesdae 'n rariteit om iets van dergelike gehalte gratis te kry."

Dr. George Wassenaar (D.Phil. 1956) is as lektor in Sielkunde aan die Hugenote-kollege van die N.G. Kerk te Wellington aangestel.

Mej. E. van Schalkwyk (B.Sc. Huishk. 1956) doseer huishoudkunde aan die Hugenote-kollege te Wellington.

Mnr. G. R. Grobbelaar (B.A. 1950) is, na etlike jare in die onderwys te Riviersonderend en Uitenhage, nou werksaam as staatsvertaler by die Taaldiensburo in Pretoria.

Mnr. P. J. van der Walt (B.A., LL.B. 1947—51) is advokaat in Pretoria.

Mnr. N. J. Basson (B.Sc. 1917) afgetrede skoolhoof (Griekwastad en Kenhardt) en mev. S. J. E. Basson (B.Sc. 1931) gee albei weer onderwys en wel aan die Goodwoodse Hoërskool.

Mnr. W. J. Swanepoel (B.A. — S.O.D. 1939—1940; M.A. 1944) is vanaf 1955 skoolhoof van die Hoërskool Fraserburg.

Mnr. W. J. Rousseau (B.Comm. 1944) en mev. Rousseau (Louisa Koster, B.A. 1937,

S.O.D. 1938) was eers gestig te Witrivier, Oos-Transvaal, maar het nou na Reivilo, K.P. verhuis, waar mnr. Rousseau Hoofbestuurder van die Noordwestelike Koöperatiewe Kaasfabriek geword het — „die grootste kaasfabriek in die Suidelike halfrond".

Mev. P. L. de Waal skryf: „Hier in die ver wêreld — 60 myl van die naaste dorp, Kuruman af is dit baie lekker om so die nuus van oud-Maties te lees. Ons kry maar twee maal per week pos. per spoorwegbus, en alles wat leesbaar is en nuus is, word verslind!"

Dank ook aan ander oudstudente wat sedert die verskyning van ons eerste nommer aan die Redakteur geskryf het.

Sommige briewe betuig ingenomenheid met die verskyning en gehalte van ons blad, sommige vertel van die familie-omstandighede en van krose wat vir Stellenbosch „grootgemaak" word, ander is sommer geselsbriewe. Vir een en almal sê ons: baie dankie!

Baie oudstudente het aan ons geskryf i.v.m. die voorgenome verandering van die Oud-Matie-kleurbaadjie. Ook hulle word vir hulle menings en belangstelling bedank. Hierdie saak is nog in behandeling deur 'n spesiale komitee van die Studenteraad en ons hoop om in ons volgende nommer verdere gegewens hieroor te verskaf. Intussen is dit vir ons en vir die Studenteraad baie waardevol om soveel menings as moontlik van oudstudente te kry. Dié van u wat idees oor die saak het en nog nie geskryf het nie, kan gerus van u laat hoor.

— — — INTEKENVORM — — —

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
DIE HUISGENOOT, Posbus 1802, KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Hiermee teken ek in op DIE HUISGENOOT, waarvoor ek die som van £..... vir 12 maande/6 maande insluit

Stuur dit aan:

NAAM .....

ADRES .....

.....

.....

Datum .....

Ek is 'n ou/nuwe intekenaar. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.) (S.K.)

INTEKENGELD

	1 jaar	6 maande
UNIE	£1 15 0	17/6
RHODESIE	£1 17 0	18/6
BUITELAND	£2 10 0	25/0

As betaling per tjek geskied, voeg asb. bankkommissie by.

Deur n gereelde intekenaar te word kan u aansienlik bespaar, want dan ontvang u DIE HUISGENOOT vir 'n hele jaar teen slegs 35/- (vir 6 maande teen 17/6).

Vir die gerief van voornemende intekenare plaas ons hiernaas 'n intekenvorm

Skenkings 1956

SKENKINGS IN 1956 MET DANK ONTVANG

Van der Sterr-boedel (Anna Hass)	£10,065	0	0
Het Jan Marais-Fonds	5,423	19	11
Transvaalse en O.V.S. Kamer van Mynwese	2,500	0	0
De Beers Consolidated Mines	2,500	0	0
Die Burger-Komitee	2,261	5	6
S. A. Reserwe-Bank	1,000	0	0
H. J. Smal	1,000	0	0
Volkskas Bpk.	1,000	0	0
Shell Co. of S.A. Ltd.	1,000	0	0
Langenhoven-Gedenksaal-komitee	1,000	0	0
Munisipaliteit van Stellenbosch	750	0	0
O'okiep Copper Co.	750	0	0
I. Perel (Pty.) Ltd.	712	0	0
J. A. van Niekerk	650	0	0
Lever Bros. (S.A.) (Pty.) Ltd.	560	0	0
J. R. Nel	550	0	0
Metal Box Co. of S.A. Ltd.	525	0	0
S. A. Forest Investments	500	0	0
Westfalia Estates	500	0	0
Provinsiale Administrasie (Kliniek)	500	0	0
Irvin & Johnson Ltd.	500	0	0
United Building Society	500	0	0
Afdelingsraad Kaapstad	500	0	0
Edworks (Pty.) Ltd.	500	0	0
Grosvenor Consolidated Investments Ltd.	500	0	0
S.A. Landbou-unie	400	0	0
Afdelingsraad Stellenbosch	400	0	0
Stellenbosse Distriksbank Bpk.	350	0	0
Te-huis Direksie (Leerstoel Regte)	300	0	0
Dr. I. P. Schabort	300	0	0
M. P. R. de Villiers	250	0	0
Herman Jonker	250	0	0
J. W. Jagger & Co.	250	0	0
C. J. Palm	250	0	0
K. Schmerenbeck	250	0	0
P. S. Naude	250	0	0
Heyns Matthew Ltd.	250	0	0
Taeuber & Corssen (Pty.) Ltd.	250	0	0
Union Steel Corporation of S.A. Ltd.	250	0	0
J. P. Neethling	250	0	0
Ninham Shand	250	0	0
Rembrandt-Tabakvervaardigingskoöp.	200	0	0
Exchange Yard (Pty.) Ltd.	200	0	0
Polliack Bothner Group of Companies	200	0	0
J. P. H. Vorster	200	0	0
Het Jan Marais Nationale Fonds	200	0	0
D. H. Bothma	200	0	0
Helpmekaarvereniging K.P.	200	0	0
J. C. Cloete	200	0	0
F. N. Wilson	200	0	0
S. A. Iron & Steel Corp. Ltd.	200	0	0
Dr. J. J. Strasheim	166	2	0
Theron v. d. Poel en Kie	155	0	0

My naam is Wynand.
Ek sorg vir Ria.
Ons geld lê saam
by Saambou.
Ons huis staan
al dakhoogte.

SAAMBOU

SAAMBOU

(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Saambou-gebou, h/v Burg- en Kasteelstraat, Kaapstad. TAKKE EN AGENTSKAPPE ORAL IN DIE UNIE EN S.W.A

VZ. 9

African Explosives & Chemical Industries	155	0	0
S.A. Paper & Pulp Industries Ltd.	120	0	0
Protea Holdings Ltd.	105	0	0
Aderne Scott Timbers Ltd.	105	0	0
Dagbreek-Trust	100	0	0
African Metals Development Fund	100	0	0
Plywoods Ltd.	100	0	0
Afdelingsraad Paarl	100	0	0
Allen & Hanburys (Africa) Ltd.	100	0	0
Isodore Cohen	100	0	0
B. G. van Wyk	100	0	0
Van Zyl en Van Zyl (Edms.) Bpk.	100	0	0
E. J. F. Retief	100	0	0
D. L. Boonzaaier	100	0	0
W. N. de Kock	100	0	0
D. J. Jacobs	100	0	0
D. J. Conradie	100	0	0
Mediese Vereniging van S.A.	100	0	0
F. J. Human	100	0	0
H. C. Esterhuysen	100	0	0
African Farm Supplies	100	0	0
M. van Niekerk	100	0	0
G. P. Viljoen	100	0	0
H. A. Jordaan	100	0	0
R. L. Barry	100	0	0
Federale Lenings & Adm. Maatskappy Bpk.	100	0	0
Volkskas Bpk.	100	0	0
Nywerheid-Ontwikkelings-Korp. van S.A. Bpk.	100	0	0
Prof. C. G. W. Schumann	100	0	0
Helpmekaarvereniging K.P.	100	0	0
C. O. L. Hellwag	80	0	0
P. J. H. Visser	70	0	0
National Match Co.	62	10	0
G. W. F. van Heerden	60	0	0
Lion Match Co.	52	10	0
Jaap Erasmus	50	5	0
Hillman Bros.	50	0	0
Leiserowitz Timbers & Hardware Merchants	50	0	0
J. P. Viljoen	50	0	0
W. Schnebel	50	0	0
J. P. Venter	50	0	0
S. van Rooyen	50	0	0
D. P. Burger	50	0	0
J. A. B. de Wet	50	0	0
J. G. Esterhuizen	50	0	0
D. G. Jordaan	50	0	0
Van der S. Beukes	50	0	0
D. L. de Kock	50	0	0
A. P. Palm	50	0	0
A. van Niekerk	50	0	0
Universiteits-Uitgewers & Boekhandelaars	50	0	0
D. N. van Zyl	50	0	0
J. I. W. Viljoen	50	0	0
D. J. Wium	50	0	0
Trotters Jellies (Pty.) Ltd.	50	0	0
A. F. van Rensburg	50	0	0
P. J. White	50	0	0
J. I. M. Viljoen	50	0	0
F. C. de Kock	50	0	0
S. van Rooyen	50	0	0
J. J. van Werk	50	0	0
P. E. Rosseau	50	0	0
African Metal Corp. Ltd.	50	0	0
Bonusbeleggingskorporasie van S.A. Bpk.	50	0	0
Standard-Bank van S.A. Bpk.	50	0	0
Nederlandse Bank van S.A. Bpk.	50	0	0
Bydraes minder dan £50	1,516	16	7

Skenkings 1957

Die volgende skenkings van £1,000 en meer is vanjaar tot eind Julie met groot dankbaarheid en waardering deur die Universiteit van die volgende instansies ontvang:

Boedel Regter H. S. van Zijl	£5000
De Beers Consolidated Mines	2500
Studenteraad	2500
Brouers-Instituut van Suid-Afrika	2000
O'okiep Copper Co.	2000
Klipfontein Organiese Produkte Koöperasie	1000

Nou

is die tyd om te verseker teen

ONGEVALLE

U kan bes moontlik een van die 524* slagoffers van padongelukke wees wat gedurende hierdie week in Suid-Afrika gaan plaasvind. Is u gedek vir geval 'n ongeluk u inkomste affekteer? Is u genoegsaam gedek? Vir u eie gemoedsrus sal dit beslis die moeite werd wees om seker te maak hiervan. En SANTAM se deskundige diens is gratis tot u beskikking. Moenie onnodig risiko loop nie. Dit is *nou* die tyd om seker te maak van u ongevalleversekering. Tree vandag nog in verbinding met u naaste Santam-kantoor of -verteenwoordiger.

Santam

VIR VEILIGHEID

Vir Ongevalle- Motor- Brand- en Diefstalversekering raadpleeg

SANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK

HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

**Syfers uit amptelike Maandbulletin van Statistiek.* ST-15a

VOORSPEL

deur SUNA TROSKIE

STUDENTEDAE OP STELLENBOSCH

Dit is Dadie se dae — of enigeen se dae — as eerstejaar op Stellenbosch, en Robert Bell se pragtige foto's, saamgestel met Galsworthy se fantasie oor die gees van 'n jong meisie, verleen daaraan 'n sjarme wat mens dit onwillekeurig as GESKENKBOEK laat sien. Hierdie boek vir jongmense is fris en bekoorlik en in elke opsig goedversorg.

Prys 10/6 Posgeld ekstra 4d. *en is verkrygbaar by die*

UNIVERSITEITS-UITGEWERS EN -BOEKHANDELAARS (EDMS.) BPK.

POSBUS 29 **STELLENBOSCH**

So SAG . . . So LIG . . . So BEVREDIGEND

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier

Oude Meester
Likeurbrandewyn
Beste Brandewyn in die Britse Ryk
Bekroon met Eersteprys en Goue Medalje
Half-eeuse Wynskou Londen 1950
V.S.O.L.
LIKEUR BRANDE
Oude Meester
Liqueur Brandy

OUD ér